


Romeo & Juliet

William Shakespeare
vertaal deur
Andr  P. Brink



MA IN
PR
2831
SHA



The Library

University of the Witwatersrand
Johannesburg

Presented

by


Sanlam

5-95




The Library

University of the Witwatersrand
Johannesburg







WILLIAM SHAKESPEARE

Die Tragedie van

ROMEO EN JULIET


In Afrikaans vertaal deur
ANDRÉ P. BRINK

HUMAN & ROUSSEAU
KAAPSTAD · PRETORIA

Kopiereg in vertaling © 1975 deur André P. Brink
Eerste Uitgawe 1975 deur Human & Rousseau Uitgewers (Edms.) Bpk.,
Roosstraat 3-9, Kaapstad; Pretoriusstraat 239, Pretoria
Bandontwerp deur G & G, gebaseer op 'n foto verskaf deur Kruik
Gedruk deur Citadel-Pers, Lansdowne, Kaap

ISBN 0 7981 0658 1

Alle regte voorbehou. Dit is 'n oortreding van die kopieregwet om afskrifte van die teks te maak, of om sonder skriftelike verlof die stuk op te voer of as spellesing aan te bied. Sodanige verlof kan aangevra word van DALRO, Posbus 9292, Johannesburg 2000



101527242

BC54044




TER SAKE

Dit is steeds my oortuiging, soos enkele jare gelede met die vertaling van *Richard III*, dat die Afrikaanse sintaksis en klankstruktuur hom net nie leen tot dieselfde streng versskema – die vyfvoetige jambiese patroon – wat Shakespeare so ongelooflik gevarieerd gebruik het nie. Om ruimte te laat vir dié intrinsieke taalverskille, het ek dus opnuut 'n wisselende patroon van vyf óf ses voete gebruik, en nie geskroom om dit by geleentheid met 'n verdere voet te verleng of te verkort nie. Die essensiële bindende klankfaktor bly wel – vir sover dit in my ondigterlike vermoë was – die jambe.

Uit die aard van die saak het ek so ná aan die gees én letter van Shakespeare se teks probeer bly as moontlik (hier met meer moeite, soms, as in die geval van *Richard III*, omdat al die vroeë uitgawes van *Romeo and Juliet* so korrup was). Maar by enkele geleenthede – spesifiek die uitvoerige prosatonele waarvan die kern hul woordspeling is (veral I:i en II:iv) – het ek die gees eerder as die letter gekies en min of meer vryelik met nuwe woordspeling geïmproviseer. Hiervoor bestaan daar in Afrikaans minstens die virtuose presedent wat Uys Krige in sy onnavolgbare vertalings geskep het.

Die voorvereiste vir enige vertaler wat Shakespeare aandurf, is vermetelheid – des te meer as hy self nie eens digter is nie. Tog bly die bergkruin daar om mens se kragte teen te meet: en nie net jou eie nie, maar bowenal dié van jou toerusting, jou taal. Laat die gebreke van dié vertaling dan op my rekening verskyn; en die deugde, as daar is, op dié van Afrikaans.



PERSONELYS

KOOR

ESCALUS, *Prins van Verona*

PARIS, *'n jong hertog verwant aan die Prins*

MONTAGUE

CAPULET

'N OU MAN, *uit die huis van Capulet*

ROMEO, *seun van Montague*

MERCUTIO, *vriend van Romeo en verwant aan die Prins*

BENVOLIO, *Montague se neef en vriend van Romeo*

TYBALT, *neef van Lady Capulet*

BROER LAWRENCE

BROER JOHN } *Fransiskaanse monnike*

BALTHASAR, *kneg van Romeo*

SAMPSON

GREGORY } *knegte van Capulet*

PETER, *kneg van Juliet se Oppasster*

ABRAM, *kneg van Montague*

'N APTEKER

DRIE MUSIKANTE

'N OFFISIER

LADY MONTAGUE, *vrou van Montague*


LADY CAPULET, *vrou van Capulet*

JULIET, *Capulet se dogter*

OPPASSTER *van Juliet*

Burgers van Verona, Adellike dames en here van albei huise,
Gemaskerde banketgangers, Fakkeldraers, Hofknape, Wagte,
Brandwagte, Bediendes en Lyfknegte.

Die toneel: Verona en Mantua





PROLOOG

Koor op.

KOOR. Twee huise, eenders in hul waardigheid
In fraai Verona waar ons stuk afspeel,
Breek skielik weer in óú bloedvete uit
En burgerhande word met burgerbloed besmet.
Uit die gedoemde lende van die vyande
Ontspring twee minnaars deur hul ster bedreig;
Deur ongeluk en droewe ondergang
Beëindig hulle met hul dood die ouertwis.
Die gang van hulle liefde, wat die doodsmerk dra,
Die volhou van die ouers in hul drif
Wat net deur kinderdood gestuit kan word –
Dit neem die twee uur van ons spel nou in beslag;
Luister aandagtig, met geduld; hou moed:
Wat nog ontbreek, dit sal ons vlyt probeer vergoed.
Af.

EERSTE BEDRYF

TONEEL I

Verona. 'n Stadsplein

Sampson en Gregory, albei van die huis van Capulet, kom met swaarde en klein skilde op.

SAMPSON. Gregory, ek sweer, ons gaan nou niks meer sluk.

GREGORY. Nee, want netnou dink hul ons is sommer slik.

SAMPSON. Ongeskik, ek stik! Ek gaan my swaard uitpluk!

GREGORY. Oppas voor iemand jóú pluk aan jou sluk.

SAMPSON. As iemand met my sukkel, steek ek hom met my swaard.

GREGORY. Maar jy's beswaard, jy sukkel om te steek.

SAMPSON. 'n Hond uit die huis van Montague kry my gou omgesukkel.

GREGORY. Om te sukkel, moet jy wikkkel: moedhou beteken vás bly staan. Dus, as jy sukkel, hol jy weg.

SAMPSON. 'n Hond uit daardie huis sal my so omsukkel dat ek botstil bly staan. G'n man of vrou van Montague kan by my kers vashou nie.

GREGORY. Dan's jy 'n vrotsige slaaf – net slawe hou kerse vas.

SAMPSON. Dis waar: dis dié dat vroumense so erg oor kerse is. Eers sal ek Montague se manne platloop dat hulle so uit soos 'n spul kerse is, en dan sal ek sy vroumense by my laat kers opsteek.

GREGORY. Die twis is tussen ons base en óns, hul mánskappe.

SAMPSON. Om 't ewe. Ek sal my lyf tiran hou. Ná ek die mans afge-maai het, sal ek met die meisies maak soos dit hoort. Ek sal hulle een-een neersteek.

GREGORY. Met jou swaard of jou kers?

SAMPSON. Met my kers in die blaker. Vat dit soos jy wil.

GREGORY. Dis hulle wat dit sal moet vat, of hulle wil of nie.

SAMPSON. O hulle sal my aanvat solank ek staande bly. Ek staan bekend as 'n man van één stuk.

GREGORY. Dan moet jy wegbly van die ander stukke. Pluk uit jou ding! Hier kom twee van Montague se manne aan!

Twee ander knegte op: Abram en Balthasar.

SAMPSON. My kale wapen is gereed. Baklei! Ek sal jou agterhoede dek.

GREGORY. Wat? Wil jy weghol?

SAMPSON. Moenie bang wees nie, ek is by jou.

LADY C. 'n Kruk, 'n kruk! Wat roep jy vir 'n swaard?

Ou Montague en sy vrou op.

CAPULET. My swaard, sê ek! Daar is ou Montague,

Hy swaai sy swaardlem om my uit te tart.

~~ECALUS~~ *Clurkaotige* Capulet! Moet my nie vashou; laat my los!

LADY M. Jy roer geen voet op soek na vyande.

Prins Escalus en sy gevolg op.

PRINS. Rebelse onderdane, vyande van die rus,

Misbruikers van 'n swaard gebaai in burebloed –

Kan hul nie hoor? Ek sê! Jul manne daar, gediertes,

Jul wat jul bose wraak se vuur wil blus

Met purper fonteine wat uit jul are spuit!

Op straf van foltering: gooi die misbruikte wapens

Uit daardie bloedbesmeerde hande neer

En luister na die vonnis van jul toornig' prins.

Drie oplope, ontspring uit aanhitsing

Van jou, ou Capulet, en van Montague,

Het drie maal al die stilte van die straat verstoer,

Veroorsaak dat die oudstes van die stad

Hul waardig-en-gepaste tooisels af moet lê

Om met bejaarde hand ou swaarde op te neem,

Verroes deur vrede, om jul vervloekte haat te keer.

As jul ooit weer die strate laat rumoer

Sal jul lewens vir die vrede moet betaal.

Die ander mag nog hierdie keer vertrek.

Jy, Capulet, jy sal my vergesel

En, Montague, kom jy vanmiddag oor

Om verder ons besluite aan te hoor

By Vrystad, waar ons hof gewoonlik sit.

Nogeens, op straffe van die dood, gaan vort.

Almal af, behalwe Montague, sy vrou en Benvolio.

MONTAGUE. Wie het die óú twis nou weer oopgeruk?

Praat, Neef, het jy dit sien ontstaan?

BENVOLIO. Toe ek hier kom, was u teenstander se lui

Al klaar met ons s'n aan die veg.

Met gevelde swaard wou ek hul keer. Net toe

Kom die vurige Tybalt met sy swaard gereed,

Hy tart en daag my in my ore uit,

Swaai oor sy kop verby en sny die wind;

Dié, ongeskonde, sis hom spottend toe.

Terwyl ons houe wissel, steek en kap,

Kom al meer manne aan om saam te veg

Totdat die Prins die rusie kom besleg.
LADY M. O waar is Romeo? Het jy hom al gewaar?
 Ek is so bly hy was nie in die stryd.
BENVOLIO. Madame, 'n uur voor die vereerde son
 Deur die goue venster van die Ooste tuis
 Het 'n beswaarde gees my uitgedryf;
 Daar, anderkant die esboombos
 Wat aan die stad se weste groei,
 Het ek u seun so douvoordag gesien.
 Toe ek hom nader, het hy my bespeur
 En weggeglip om in die bos te skuil.
 Ek het geoordeel dat hy voel soos ek
 Wat juis wou wees waar niemand my sou vind:
 In my alleenheid was ek sêlf vir my te veel
 En het my rus gevind deur hóm met rus te laat,
 Hóm graag ontwyk wat my graag wou verlaat.
MONTAGUE. Hy is al baie môres daar gewaar
 Met trane wat die môredou vermeer,
 Sy diepe sugte maak die wolke meer bewolk;
 Maar nes die vroeë son wat als verkwik
 Ver in die ooste raak aan die gordyn
 Van skadu's om die Daeraad se bed,
 Dan vlug my somber seun trug van die lig
 En sluit hom in sy eie kamer op,
 Luik al die vensters, keer die daglig weg,
 En skep vir hom kunsmatig donker nag.
 Vol duister vóórverwagting is sy luim
 Tensy gesonde raad die oorsaak weg kan ruim.
BENVOLIO. Geëerde Oom, weet u dan wat die oorsaak is?
MONTAGUE. Ek weet dit nie en kan dit ook nie uit hom kry.
BENVOLIO. Het u hom al gepols en uitgevra?
MONTAGUE. Ek self en baie ander vriende het;
 Maar hy, wat net sy eie raad wil volg,
 Is aan homself – ek sal nie sê getrou –
 Maar in homself gekeer, geheim, en dig,
 So ver van peil, so onontdek en diep
 As 'n botsel deur 'n kwade wurm aangevreet
 Nog voor sy soete blare lugwaarts plooi
 Of hy sy skoonheid aan die son kan toon.
 As ons maar weet waaruit sy sorge kom,
 Sou ons opregte hulp kon bied aan hom.
Romeo op.
BENVOLIO. Daar kom hy nou. Gee u 'n bietjie pad;

Ek sal met hals en mag sy kwellung uit hom kry.
MONTAGUE. Mag die geluk jou bystaan in jou taak
Dat hy bely. Kom, vrou, kom saam met my.

Af.

BENVOLIO. Goeiemôre, liewe neef.

ROMEO. Is dit dan nog so vroeg?

BENVOLIO. Pas nege-uur.

ROMEO. Ai, droewe ure lyk so lank.

Was dit my vader, so vinnig hiervandaan?

BENVOLIO. Dit was. Deur watter droefheid dan

Word Romeo se ure so verleng?

ROMEO. Gemis aan dit wat hulle sou verkort.

BENVOLIO. Verlief?

ROMEO. Uit . . .

BENVOLIO. Uitval gehad?

ROMEO. Uit haar guns, maar steeds verlief.

BENVOLIO. Helaas, dat liefde wat so teer kan lyk

So ru, heerssugtig in praktyk moet wees.

ROMEO. Helaas, dat liefde wat steeds geblinddoek is

So sonder oë weë na sy wil kan sien!

Waar gaan ons eet? Genugtig! Wat het hier gebeur?

Moet my nie sê, ek weet dit alles reeds.

Dit gaan om haat, maar liefde kom nog méér daarby.

Waarom moet liefde stry en haat bemin,

Waarom éniets, uit Niet geskep in die begin?

O sware ligtheid, somber ydelheid,

Wanskape chaos van vorme wat mooi lyk,

Loodsware veer en helder rook, 'n koue vuur,

Gesondheid siek en slaap wat waak: als is wat dit nie is!

Gevul met liefde ék wat sonder liefde dit aanskou.

Kry jy nie lag daaroor?

BENVOLIO. Nee, Neef, veel eerder huil.

ROMEO. Maar goeie aarde, waaroor dan?

BENVOLIO. Oor wat die goeie aarde van jou hart verduur.

ROMEO. So gaan dit as die liefde in 'n mens oortree:

My eie smart lê swaar hier in my bors,

Jy maak dit erger deur dit aan te vul

Met dié van jou. Dié liefde wat jy openbaar

Voeg smart by die té-veel wat ek reeds ly.

Liefde is damp van sugte wat in rook optrek:

Gesuiwer, blink dit in minnaarsoë soos 'n vuur,

Gekwel, 'n see gevoed deur liefdestrane.

Wat anders nog? – 'n weloorwoë waansin,

Gal wat versmoor en soetheid wat bewaar.

Vaarwel, my neef.

BENVOLIO. Wag! Ek gaan saam.

Jy doen my onreg as jy só wil gaan.

ROMEO. Ai! Ek het my self verloor: ek is nie hier;

Dit is nie Romeo dié, want hy dwaal elders rond.

BENVOLIO. Sê my met erns nou: op wie is jy verlief?

ROMEO. Wil jy hê dat ek moet kreun en jou vertel?

BENVOLIO. Nie kreun nie, nee: net ernstig sê wie.

ROMEO. Moet 'n man wat ernstig is nou testament opstel?

A, swakke raad aan iemand reeds so swak.

In erns, neef: ek's op 'n vrou verlief.

BENVOLIO. Dit kon ek peil reeds toe ek raai dat jy bemin.

ROMEO. 'n Goeie skoot. En sy wat ek bemin, is mooi.

BENVOLIO. Mooi skoot, my neef. Jou pyl het dus getref.

ROMEO. En jóú raaiskoot is mis. Geen pyle van Cupido

Kan haar tref. Sy's vernuftig soos die Jaggodin,

Haar kuisheid is bewapen en bewys,

Onskendbaar deur die liefde se speelgoedboog.

Voor die beleg van liefdeswoorde swig sy nie,

En laat geen oë-aanslag toe, haar skoot gesluit

Teen goud wat heiliges sou kon verlei.

O sy is ryk aan skoonheid; arm net

Dat by haar dood haar skoonheid met haar sterf.

BENVOLIO. Het sy gesweer om altyd kuis te bly?

ROMEO. Sy het; en wat sy spaar, word so verkwis;

Want skoonheid, so vasberade deur haar uitgeteer,

Weerhou ook skoonheid van die nageslag.

Sy is te skoon, te wys, wyslik te skoon

Om uit my wanhoop saligheid te wen.

Sy't liefde afgesweer, en oor dié eed

Leef ek nou dood wat jou dit hier vertel.

BENVOLIO. Luister na my: en dink nie meer aan haar.

ROMEO. Leer my hoe mens kan afleer om te dink.

BENVOLIO. Deur vryheid aan jou oë toe te ken.

Kyk ook na ánder skoonheid.

ROMEO. Op dié manier

Sal ek hare, uitnemend, steeds in gedagte hou.

Die bly swart maskers wat mooi dames moet vermom

Herinner mens aan skoonheid wat hul wil verbloem.

Die blindgeworde mens kan nie vergeet

Die kosbaar skat van sy verlore gesig.

Wys my 'n vrou wat mooier is as mooi

En al haar skoonheid laat my net onthou
Waar mooier as die mooiste steeds bestaan.
Vaarwel. Vir my kan jy nie leer om af te leer.
BENVOLIO. Ek sal jou wys, al moet ek sterf met die probeer.
Albei af.

TONEEL II

Capulet, Hertog Paris en sy kneg – 'n nar – op.
CAPULET. Maar Montague is net soos ek verbind,
Ons straf is eenders; en dis nie swaar, dink ek,
Vir mense, oud soos ons, om vrede te bewaar.
PARIS. U albei word in hoë eer gehou,
Dis droef dat u so lank in onmin leef.
Maar nou, my heer: geval my aansoek u?
CAPULET. My antwoord is wat dit tevore was:
My kind is in die wêreld nog maar vreemd,
En veertien jaar het sy nog nie gesien;
Laat nog twee somers in hul trots vergaan
Voor ons haar ryp as bruid kan gade slaan.
PARIS. Jongeres as sy is al deur moederskap verheug.
CAPULET. Vroeg ryp gekneus is altyd ook vroeg rot.
Net sy, van al my hoop, is deur die aarde gespaar;
Sy is die vrouehoop van heel my aard.
Maak haar die hof, my liewe Paris, wen haar hart;
Want my verlot is van haar ja maar net 'n deel.
As sy uit dié wat sy begunstig, kies,
Gee ek my stem en steun van ganser hart.
Vanaand hou ek weer soos gebruiklik fees,
En baie gaste het ek daarheen uitgenooi
Van dié van wie ek hou; en jy daarby,
Nóg een, van harte welkom, maak ons méér.
Vanaand sal jy in my beskeie huis kan sien
Hoe aardse sterre die donker trans verlig.
Die vreugde wat 'n rooibloed-jongman voel
As opgetooide Lente op die hiel
Van kreupel Winter trap, al dié plesier
Sal tussen kanferfoelie in my huis vanaand
Aan jou behoort. Kom luister, en kom kyk,
Soek dié een uit wat dit verál verdien;
En as jy myne tussen al die ander sien,
Dan mag sy dalk maar één-van-vele wees.

Kom saam met my.

(*Aan kneg, aan wie hy 'n stuk papier gee.*) Toe, kêrel, kry jou koers
Deur mooi Verona; gaan soek almal op
Van wie die name hier geskrywe staan,
Sê dat my huis en groete op hul wag.

Saam met Paris af.

KNEG. Soek almal op van wie die name hier geskrywe staan? Hulle
sê die skoenmaker moet hom by sy naald hou en die kleremaker
by sy lees, die visser by sy pen en die skilder by sy net; maar hier
word ek aangesê om almal op te soek wie se name hier geskrywe
staan, ék wat nie kan lees wat die skrywende geskryf het nie. Ek
moet 'n skrifgeleerde man gaan soek. A, net betyds!

Benvolio en Romeo op.

BENVOLIO. Kyk, man, die een vuur brand 'n ander uit;
'n Pyn word deur 'n ander s'n geblus;
En duisel jy, dan draai jy na die ánder kant terug;
'n Ander man wat ly, laat jou wanhoopsmart genees.
Laat 'n nuwe kwaal net eers jou oë tref,
Dan word die oue se gif weer spoedig opgehef.

ROMEO. Plataanblaar is glo goed daarvoor.

BENVOLIO. Waarvoor, as ek mag vra?

ROMEO. 'n Vel-af skeen.

BENVOLIO. Maar Romeo, is jy mal?

ROMEO. Nie mal nie, nee, maar meer gebonde as 'n malman is,

Gekerker in die tronk, en sonder kos,

Geslaan, geplaag en – dag, my ou.

KNEG. Goeiendag, meneer. Ag, sê my: kan u lees?

ROMEO. My eie fortuin in my ellende, ja.

KNEG. Dít het u dalk sonder boek geleer. Maar sê my: kan u enigets
lees wat u sien?

ROMEO. As ek by voorbaat weet wat daar geskrywe staan.

KNEG. Dis waar. Nou ja, dan groet ek maar.

ROMEO. Wag, kêrel: ek kan lees. (*Lees die brief.*)

„Signior Martino en sy vrou en dogters;

Hertog Anselmo en sy skone susters;

Vitrurio se hooggeagte weduwee;

Signior Placentio en sy mooi niggies;

Mercutio, en sy broer ook, Valentine;

Oom Capulet, sy dogters en sy vrou;

My skone niggie Rosaline; en Livia;

Signior Valentio; Tybalt, sy neef;

Lucio en die lewenslustige Helena.”

'n Mooi versameling. Waarheen moet hulle gaan?

KNEG. Op soontoe.

ROMEO. Waarheen? Vir aandete?

KNEG. Na ons huis toe.

ROMEO. Wie se huis?

KNEG. My baas s'n.

ROMEO. Dis wat ek vroeër moes gevra het.

KNEG. Nou sal ek meneer somer sê sonder vra. My baas is die groot ryk Capulet; en tensy u dalk van die Montagues familie is, kan u gerus 'n bekertjie wyn kom kneus. Dit gaan u wel.

Af.

BENVOLIO. By dié gereelde fees van Capulet
Sal Rosaline ook wees wat jy bemin;
En die hele stad se mooistes met haar saam.
Gaan soontoe, hou jou onbevooroordeel,
Vergelyk haar daar met dié wat ek jou wys,
Dan word jou swaantjie gou 'n kraai wat kry.

ROMEO. As ooit die ware godsdiens van my oog
Dié valsheid onderhou, word trane vuur;
En dié oë wat, dikwels verdrink, tog nooit kon sterf,
Dan ketters oop en bloot, as leuenaars verbrand.
Skoner as my beminde? Die alsierende son
Ken self haar weerga uit die voortyd nie.

BENVOLIO. Tsk! Toe niemand anders by was, was sy mooi,
Net sý gebalanseer in elke oog;
Maar laat dié skale van kristal nou weeg
Jou sielsbeminde teen 'n ander vrou
Wat ek jou, skitterend, by dié fees sal wys,
Dan sal sy háár wat nou die mooiste lyk, laat welk.

ROMEO. Goed, ek sal gaan: maar nie om dit te sien,
Net om my in die skoonheid van my eie te vermei.
Albei af.

TONEEL III

'n Vertrek in Capulet se woning

Lady Capulet en die Oppasster op.

LADY C. Waar is my dogter, vrou? Roep haar na my.
OPPASSTER. Ek sweer u by my jeug se maagd'likheid,
Sy is geroep. Haai, lammetjie! Kom, kind!
Ag, God behoed. Waar is sy tog? Ag, Juliet!
Juliet op.

JULIET. Wat is dit nou? Wie roep?

OPPASSTER. Jou moeder.

JULIET. Hier is ek mos. Wat is u wens?

LADY C. Die saak staan so – Vrou, jy kan gaan,
Ons moet vertroulik praat. – Nee, Vrou, kom trug.
Ek het my weer bedink: jy moet ook hoor.

My dogter, weet jy self, dié word nou groot.

OPPASSTER. Ek ken haar ouderdom tot op die uur.

LADY C. Sy's nog nie veertien nie.

OPPASSTER. Veertien van my tande sal ek wed –

Al moet ek toegee ek het nog net vier –

Sy's nog nie veertien nie. Hoe lank is dit

Nog na Augustusmaand?

LADY C. Net meer as veertien dae.

OPPASSTER. Van al die dae van die jaar, gelyk of nie,

Is Een Augustus dié waarop sy veertien word.

Sy en Susan – God rus die Christensiel –

Was ewe oud. Nou ja, Susan is dood,

Sy was te goed vir my. Maar soos gesê:

Die aand van Een Augustus word sy veertien jaar;

Dit is gewis, want ek onthou nog gced:

Net elf jaar trug het die aarde mos geskud,

Toe's sy gespeen – hoe kan ek ooit vergeet? –

Van al die dae van die jaar, juis daardie dag;

Want toe't ek alsem op my pram gelê

En teen die duifhok in die son gesit.

My heer en u was toe in Mantua.

Nee, ek onthou nog goed. Maar soos ek sê:

Toe sy die alsem aan my tepel proe,

En voel dis bitter op haar tong, klein aap,

En proe dit brand, spoeg sy die tet toe uit!

Juis toe begin die duifhok skud! Dit was

Onnodig om my aan te jaag.

Van daardie dag is dit nou net elf jaar,

En sy kon toe allenig staan; wat praat ek nog,

Sy kon al draf en waggel oor die werf;

Nog net die dag tevore't sy geval;

En toe't my man (God seën sy siel,

Hy was 'n vrolikerd) haar opgetel.

„En toe?” vra hy. „Val jy op jou gesig?

Jy sal nog rugwaarts val as jy van beter weet;

Of hoe, klein Juliet?” En toe, ek sweer,

Hou sy mooi op met huil en sy sê: „Ja.”

Kyk net hoe gou 'n grap gebeur!
Ek sweer, al word ek duisend jaar,
Onthou ek dit. „Of hoe, klein Juliet?” vra hy,
En net daar hou sy op met huil en sy sê: „Ja.”

LADY C. Genoeg daarvan, en bly nou stil.

OPPASSTER. Ja goed, mevrou. En tog kry ek nog lag

As ek onthou hoe dat sy ophou en sê: „Ja.”

En tog had sy, ek sweer, hier teen haar kop
'n Knop so groot soos 'n klein haan se krop.
'n Slegte knop, en sy het só gehuil.

„En toe?” vra hy. „Val jy op jou gesig?

As jy eers groter is, is dit op jou rug,

Nie waar nie, Juliet?” Sy swyg, en „Ja,” sê sy.

JULIET. En swyg jy nou ook, Vrou, sê ek.

OPPASSTER. Toe maar, ek is nou klaar. Mag God jou seën!

Jy was die mooiste kind ooit aan my bors.

Ek hoop ek leef om jou getroud te sien,

Méér vra ek nie.

LADY C. „Getroud”, waarvan jy praat, is juis

Waaroor ek wil gesels. Kom sê my, Juliet,

Hoe is jy ingestel op trou?

JULIET. Dit is 'n eer waarvan ek nie kan droom.

OPPASSTER. 'n Eer? As dit nie was dat ék jou soogma was,

Het ek gesê jy suig jou wysheid uit 'n tet.

LADY C. Dis tyd dat jy aan trou dan dink. Jonger as jy,

Hier in Verona, is daar dames van gesag

Wat moeder is. As my berekening klop,

Het ek op hierdie leeftyd reeds jou ma geword,

En jy nog maagd. Om kort te gaan:

Die edel Paris is verlief op jou.

OPPASSTER. 'n Man, jong dame! O dame, so 'n man

Soos die ganse wêreld – 'n Toonbeeld van 'n man.

LADY C. Verona in die somer het nêrens so 'n blom.

OPPASSTER. Ja-nee, 'n blom – dis wat hy is, 'n blom.

LADY C. Wat dink jy daarvan? Sou jy hom kon min?

Vanaand hier by ons fees sal jy hom sien.

Beskou jong Paris se gesig dan soos 'n boek,

Lees wat die pen van skoonheid daar geskrywe het;

Kyk hoedat elke lyn die ander pas,

Hoedat hul aan mekaar gewig verleen;

En wat in dié mooi boek nog onbegryplik is,

Sal vlugtig uit sy oë afgelees kan word.

Dié kosbaar liefdesboek, dié ongebonde minnaar

Behoef nog net 'n band om hom mooi af te rond.

Die vis woon in die see, en dis met trots
Dat buiteskoonheid binneskoonheid huis.

In baie oë is die boek sêlf skoon

Wat binne goue gespes 'n goue storie sluit;

So sal jy deel hê aan wat hy besit,

Deur hom te hê niks aan jouself verminder.

OPPASSTER. Verminder? Nee, 'n vrou vermeerder uit 'n man.

LADY C. Sê dan: sou jy sy liefde gunstig kan oorweeg?

JULIET. Ek sal probeer, as probeer my guns beweeg;

Maar dieper sal ek nie my oog laat peil

As wat u toestemming veroorloof nie.

Opdisser op.

OPDISSER. Madame, die gaste het gekom, die ete is bedien, daar word na u geroep, na die jong dame verneem, in die spens op die Oppasster gevloek, en alles is op die uiterste. Ek moet gaan bedien.

Ek smee u, kom asseblief dadelik agterna.

Af.

LADY C. Ons sal jou volg. Juliet, die Hertog wag.

OPPASSTER. Gaan, meisie, gaan. Laat 'n blye nag volg op 'n blye dag.

Almal af.

TONEEL IV

'n Straat

Romeo, Mercutio, Benvolio en vyf of ses ander gemaskerde banket-gangers op, vergesel van fakkeldraers.

ROMEO. Moet ons maar soos gebruiklik eers verskoning vra?

Of gaan ons sonder woorde van ekskuus daarin?

BENVOLIO. Dié woordrykheid is uit die oude doos.

Ons blinddoek nie Cupido met 'n serp,

Of sluip met 'n beskilderde Tartaarse boog

Om dames soos 'n voëlverskrikker te verskrik;

Ons kom nie met 'n boeklose proloog,

Agter soeffleurs aan opgesê, na binne nie:

Ons sal nie na hul pype dans: laat hulle oordeel

Soos hul wil, ons dans 'n enkel dans, en gaan

Voordat die poppe dans.

ROMEO. Gee my 'n fakkel aan. Ek is teen die pronkery.

Ek sal die lig dra wyl ek somber voel.

MERCUTIO. Nee, liewe Romeo, jy moet ook dans.

ROMEO. Nee, glo my vas. Jul skoene hou die dans

In vluggevoete sole; my siel is lood

Wat my aan die grond vaspen, ek kan nie roer.

MERCUTIO. Jy is 'n minnaar. Leen vleuels by Cupido

En sweef daarmee bo aardse passies uit.

ROMEO. Ek is te diep al deur sy skig deurboor

Om met sy ligte vleuels te vlieg; gebonde, só,

Kan ek geen lid bo leed en somberheid verroer.

Onder die sware liefdeslas moet ek versink.

MERCUTIO. Deur in te sink belas jy liefde sêlf –

Dit is te swaar vir iets so tingerigs.

ROMEO. Is liefde tingerig? Dis gewelddadig,

Ru, en luid, soos dorings steek dit my.

MERCUTIO. As liefde jou ru behandel, wees ru daarmee;

As dit jou steek, steek trug en slaan dit neer.

Gee my 'n sak dat ek my masker berg.

Masker vir 'n masker! Wat traak dit my

Wie se nuuskierig oog my lelikheid gewaar?

Dié ruwe wenkbroue kan vir my bloos.

BENVOLIO. Kom, klop; gaan binne; en met die inkomslag

Begin ons elkeen sonder omhaal dans.

ROMEO. Gee my 'n fakkel! Laat uitgelatenes

Die vloer se dooie roete met die hakke trap;

Want ek – ek is spreekwoordelik belas,

Ek sal kers vashou en hul gadeslaan;

Ek het my uitgejag, nou is ek klaar.

MERCUTIO. Nou toe nou, klaar! Jy't klaar gepraat.

Is jy oor die wal? Ons pluk jou los uit die moeras

Van sogenaamde liefde waar jy sit

Tot oor jou ore. Maar kom, ons mors die dag.

ROMEO. Dit is nie waar nie.

MERCUTIO. Met uitstel, wil ek sê,

Mors ons ons lig, soos ligte in die dag.

Snap my bedoeling: dis waar ons oordeel tog

'n Vyf keer eerder as in vyf sintuie skuil.

ROMEO. Ons gaan met goeie bedoeling na die maskeral,

Maar dit is nie gerade dat ons gaan.

MERCUTIO. Waarom, as mens mag vra?

ROMEO. Laasnag het ek gedroom.

MERCUTIO. Ek ook.

ROMEO. En wat was joune oor?

MERCUTIO. Dat dromers verwant is aan die leuen.

ROMEO. Terwyl hul teen die kussings leun en waarheid droom.

ROMEO. Stil, stil, Mercutio, stil!

Jy praat nou bog.

MERCUTIO. Dis waar, ek praat oor drome,

Die kinders van 'n brein se ledigheid,

Vergeefse willekeur se nageslag;

Dit is so yl, deursigtig, soos die lug,

Meer wispelturig as die wind, wat nou

Die koue boesem van die Noorde vlei,

Hom daar vererg en padgee daarvandaan

Om met die doubedrupte Suide te flankeer.

BENVOLIO. Die wind waarvan jy praat, verwaai ons skoon.

Dis etenstyf, en ons is klaar te laat.

ROMEO. Te vroeg, vrees ek; ek het 'n voorgevoel

Dat iets wat nou nog in die sterre hang

Angswekkend met dié nag se vreugde gaan begin

En deurloop na 'n end: 'n termyn afsluit

Van 'n verfoeide lewe in my bors beskut,

Wat nou ontydig aan die dood terugbetaal moet word.

Laat hy wat aan die stuurstok van my roete staan

My seile span. Voorwaarts, my vrolike vriende!

BENVOLIO. Hef aan met die tamboer!

Hulle marsjeer oor die verhoog en trek hulle eenkant terug.

TONEEL V

'n Vertrek in Capulet se woning

Bediendes met servette op.

BEDIENDE 1. Waar's Potpan dat hy ons nie help afdek nie? Hy kan ook 'n slag 'n bord afdra en skraap!

BEDIENDE 2. Dis maar 'n narigheid as goeie maniere in net een of twee man se hande beland, veral as hulle nog vuil is boonop.

BEDIENDE 1. Dra die stoeltjies weg, en die bordekas, mooi werk met die borde. Jy daar, bêre vir my 'n stukkie marsepein. Wees tog so goed en sê vir die portier hy moet vir Sannatjie Slypsteen en Nellie laat binnekom. Anthony, en Potpan ook!

BEDIENDE 2. Goed, goed, ek sal.

BEDIENDE 1. Hulle soek jou en roep jou en vra na jou en keer die wêreld om om jou te kry, daar in die groot voorkamer.

BEDIENDE 3. Mens kan nie hier wees én ook daar nie. Kophou,

kêrels! Roer julle riete, en mag die man met die grootste lewer
laaste lag. *Almal af.*

*Capulet, sy vrou, Juliet, Tybalt, Oppasster en al die gaste en adellike
dames binne na waar die gemaskerdes wag.*

CAPULET. Welkom, geagte here! Die dames met tone
Sonder liddorings sal nou 'n draaitjie met jul dans.
Nou toe nou, dames, wie van jul almal durf
Nou weier om te dans? Die een wat aarsel
Word verdink van liddorings. Het ek jul te ná gekom?
Wees welkom, here! Ek onthou die tyd
Toe ek nog met 'n masker suutjies-aan
'n Storie in 'n vrou se oor kon fluister
Wat haar bekoor. Verby, verby, verby.
Wees welkom, here! Kom, musikante, speel!
Die musiek speel, en hulle dans.
Maak plek, maak plek, gee pad! En fyntrap, dames,
Meer lig daar, vabonde, en slaan die tafels op,
En blus die vuur: die kamer is te warm.

Aan gemaskerdes.

Dié onverwagte pret, ou vriend, geval ons goed.
Nee, sit, bly sit, my liewe neef Capulet;
Mý dansdae en ook joune is verby.
Hoe lank gelede was dit dat ons twee
Gemasker was?

NEEF. Dit moet al dertig jare wees.

CAPULET. Wat sê jy daar? Nie soveel nie, o nee!

Dit was nog met Lucentio se huwelik,
Volgende jaar se Pinkster sal dit wees
Net vyf-en-twintig jaar van ons gemasker was.

NEEF. Dis meer, dis meer. Sy seun is ouer, man;
Sy seun is dertig.

CAPULET. Wat vertel jy my?

Sy seun was minderjarig twee jaar trug.

ROMEO (*Aan bediende*). Wie is die dame wat die hand versier
Van daardie ridder daar?

BEDIENDE. Dit weet ek nie, meneer.

ROMEO. O kyk, sy leer die fakkels helder brand!

Sy hang daar op die nag se wang, lyk dit,
'n Ryk juweel in die oor van Ethiopië –
Schoonheid te kosbaar vir gebruik, te ónaards duur!
So lyk 'n sneeuwit duif in 'n kraaietrop,
Soos daardie dame bo haar makkers troon.
Ná hierdie dans sal ek kyk waar sy gaan staan,

En my ruwe hand verheerlik deur haar aan te raak.

Het my hart alreeds bemin? Ek sweer dit af!

Die ware skoonheid sien ek eers vannag.

TYBALT. Te oordeel na sy stem is dit 'n Montague.

Bring my rapier hier, knaap. Hoe durf die slaaf

Hier aankom, gemasker met 'n gryns

Om hier ons plegtigheid te kom bespot?

Nou sweer ek by my afkoms en ons eer:

Ek sondig nié – hóm steek ek neer!

CAPULET. Wat is nou gaande, bloedverwant? Wat raas jy so?

TYBALT. Dit is 'n Montague, ons vyand, Oom,

'n Skurk, wat hom aanmatig om vannag

Ons fees hier te bespot en uit te lag.

CAPULET. Is dit jong Romeo?

TYBALT. Dis hy, die skurk, ja, Romeo.

CAPULET. Bedaar tog, neef, laat hom met rus.

Want hy gedra hom, hoor ek, soos 'n heer,

Verona, sê hul selfs, die spog met hom

Oor hy so deugszaam en beheers optree.

Nie vir die rykdom van die hele stad

Sou ek hom in my huis vanaand laat kwets.

Wees dus geduldig; steur jou nie aan hom.

Dit is my wens: as jy dit respekteer,

Gedra jou vriendelik, hou op met frons,

Dié aanskyn pas tog glad nie by ons fees.

TYBALT. Dit pas, as so 'n skurk hier gas durf wees.

Ek sal hom nie gedoog nie.

CAPULET. Hy sal gedoog word.

Toe nou, ou kêrel, toe! Ek het beveel.

Is ek die baas hier, of is jy? Toe nou!

Jy sal hom nie gedoog nie, bid jou aan!

Jy sal rumoer laat uitbreek in my huis.

Wil jy jou uitnek hou en baasspeel hier?

TYBALT. Maar dis 'n skande, Oom!

CAPULET. Toe nou, toe nou!

Jy stel jou taamlik aan. 'n Skande, nè?

Dié toertjie kan nog teen jou keer. Ek weet.

Moet jy my teëspreek? Kyk, dis tyd –

Mooi skoot, mense! – Klein astant – loop uit!

Bly stil, of – Meer lig, meer lig! – Skaam jou!

Ek sal jou stilmaak! – Baljaar tog, mense!

TYBALT. Gedwonge geduld en drif wat saambestaan

Laat my met hul verskillend' uiting bewe.

Ek sal dan gaan; maar hierdie tussenkoms,
Wat nou so soet lyk, sal nog keer tot gal.

Af.

ROMEO. As ek met my onwaardig hand dié skryn
Onheilig, is die stille sonde dit:
My lippe, bloesend pelgrims, staan gereed
Om daardie ruheid met 'n teer kus te vergoed.

JULIET. Jy doen jou hand nou, pelgrim, onreg aan,
Want hy het na behore eer betoon;
Ook heiliges neem pelgrims by die hand
En hand aan hand is hul manier van kus.

ROMEO. Is heiliges en pelgrims dan ontdaan van mond?

JULIET. Nee, pelgrim, maar die mond se doel is bid.

ROMEO. Ag, heilige, vergun die mond dan wat die hand mag
doen!

Dit bid alreeds: keer dat geloof nie wanhoop word.

JULIET. Heiliges wankel nie, maar gun ter wille van gebed.

ROMEO. Wankel dan nie, terwyl my bede nou gevolge dra.

So, van my mond, word my skuld deur joune geveeg.

Hy soen haar.

JULIET. Dan is dit nou my mond wat skuld aanvaar.

ROMEO. Skuld van my mond? Nee, gee my sonde terug!

Soen haar.

JULIET. Jy vertolk te letterlik.

OPPASSTER. Juffrou, jou moeder laat jou roep.

ROMEO. Wie is haar moeder?

OPPASSTER. Nou toe nou, jongeheer,
Haar moeder is die dame van die huis,
'n Goeie vrou, wat wys en deugsam is.
Haar dogter, wat hier by jou was, het ek gesoog.
Luister na my: die man wat háár kan kry,
Is dadelik ryk.

ROMEO. Is sy 'n Capulet?

Nou skuld ek heel my leeftog aan my vyand.

BENVOLIO. Kom, ons moet gaan; die fuif bereik sy top.

ROMEO. Ek vrees so, ja: en my onrus neem net toe.

CAPULET. Ag nee, menere, gaan tog nie so gou;

Ons het 'n ligte ete aan die gang.

Hulle dwing deur toe.

Jul dring dus aan? Laat ek jul dan bedank.

Hartlik bedank, menere, goeienag.

Nog fakkels hier! Nou kom, dis slapenstyd.

Ai, kêrel, ja, dit word al laat;

Ek gaan maar lê.

Almal behalwe Juliet en Oppasster af.

JULIET. Kom hierheen, Vrou. Die man daar, wie is hy?

OPPASSTER. Tiberio se seun en erfgenaam.

JULIET. Die een wat nou die deur uitgaan?

OPPASSTER. Dit moet die jong Petruchio wees, dink ek.

JULIET. Die een wat nou aankom, wat nie wou dans?

OPPASSTER. Ek weet nie.

JULIET. Gaan vra sy naam – is hy getroud,

Dan word my graf my bruidsbed koud.

OPPASSTER. Sy naam is Romeo, en 'n Montague.

Die enigste seun van jou erfvyand.

JULIET. My enigste liefde groei nou uit my enigste haat!

Te vroeg en onbekend gesien, en kennis kom te laat!

Verskriklik kom die liefde in my in

Dat ek 'n gehate vyand moet bemin.

OPPASSTER. Wat is dit nou met jou? Kom, wat makeer?

JULIET. Die rympte het ek maar so pas geleer

By een met wie ek saam gedans het.

Binne word daar geroep: „Juliet!”

OPPASSTER. Kom dadelik, kom!

Kom, ons moet dadelik gaan; die gaste is al weg.

Albei af.

TWEEDE BEDRYF

PROLOOG

Koor op.

KOOR. Die ou begeerte lê nou sterwend op sy bed,
En jong geneentheid wil sy plek inneem;
Die skoonheid waarvoor liefde eers wou ly en sterf,
Raak nou, by Juliet vergeleke, dof.
Romeo het weer lief en word bemin,
Elkeen deur voorkoms van die ander diep bekoor;
Maar hý moet aan vermeende vyand hulde bring,
En sý die liefdesaas van wrede hoeke steel.
As vyand word hy daarvan uitgesluit
Om minnewoorde soos gebruiklik oor te dra,
En sy, verlief soos hy, is ingeperk
Durf skaars haar nuwe minnaar êrens sien;
Maar hartstog gee hul krag, en tyd die kans,
Om in ontmoeting teenstand te versoet.
Af.

TONEEL I

Naby Capulet se vrugteboord

Romeo allénig op.

ROMEO. Hoe kan ek verder gaan verby my hart?
Draai, aarde, trug, jou ewewig verstoer.

Benvolio en Mercutio op. Romeo gaan opsy.

BENVOLIO. Romeo! Neef Romeo! Waar is jy, Romeo?

MERCUTIO. Hy's wys

En is so waar al bed toe, na sy huis.

BENVOLIO. Hy't hom hierheen gehaas en oor die muur gespring.

Roep hom, Mercutio.

MERCUTIO. Ek sal hom ook beswéér.

Romeo! Luime! Malman! Hartstog! Minnaar!

Verskyn in die gedaante van 'n sug;

Kom praat op rym, dit sal my vergenoeg!

Roep net: „Ai tog!” sê „Liefde”, sê „Duif”;

Sê net één woord aan Venus, my gesél,

Één troetelnaam vir haar verblinde seun
Die skelm Cupido wat so raak kon skiet
Toe heer Copethua verlief was op die bedelvrou!
Hy hoor nie, roer nie, hy beweeg geen lid;
Hy hou hom dood en ek moet hom besweer.
By die helder oë van jong Rosaline,
Haar hoë voorhoof en skarlaken mond,
Fraai voete, reguit been en trillend' dy
En al die streke van daar neffens-aan,
Roep ek jou op om hier na ons te kom!

BENVOLIO. As hy jou hoor, sal hy hom net vererg.

MERCUTIO. Dít kan hom nie vererg. Kwaad sou hy wees

As ek 'n gees na die kring van sy beminde roep,

'n Vreemde ding wat daar orent sou staan

Totdat sy hom bekoor en weer laat rus.

Dit sou hom kwel; maar my beroep op hom

Is reg en eerbaar: namens sy minnares

Roep ek hom om orent te kom.

BENVOLIO. Hy't hom hier in die bome gaan verskuil,

Hou omgang met die luime van die nag.

Sy liefde's blind, hy hoort in duisternis.

MERCUTIO. Is liefde blind, moet hy sy doelwit mis.

Nou sit hy onderkant 'n vyeboom

En wens sy minnares is dié soort vrug

Wat meisies vye noem in die stilligheid.

O Romeo, as sy maar, o as sy maar

'n Oop ensovoorts was en jy 'n peer!

Nag, Romeo: ek gaan my opkrul in my wieg;

Dié opelugbed is veels te koud vir slaap.

Kom, sal ons gaan?

BENVOLIO. Ja kom, want dis vergeefs

Om hom te soek wat nie gevind wil word.

Albei af.

TONEEL II

In Capulet se vrugteboord

Romeo kom nader.

ROMEO. Hy spot met wonde wat dit sélf nie ken.

Juliet verskyn bo by 'n venster.

Maar stil! Wat is die lig wat deur dié venster breek?
 Dit is die Ooste, en Juliet is die son!
 Verrys, skoon son, dood die jaloerse maan
 Wat reeds so swak en bleek van hartseer is
 Oor jy, haar diensmaagd, soveel skoner is as sy.
 Lê af jou dienstigheid oor sy naywrig is.
 Haar maagdligheid is siek en groen,
 Livrei vir dwase net. O werp dit af.
 Dit is my meisie! O, dit is my lief!
 Ag, kon sy dit maar weet!
 Sy praat, tog sê sy niks. Wat kan dit tog bedui?
 Haar oë is welsprekend; en ek sal antwoord gee.
 Nou matig ek my aan: sy rig haar nie tot my.
 Twee van die mooiste sterre in die trans
 Moet iewers heen, en hul kom nader haar
 Om met haar oë tydlik hulle plek te neem.
 Gestel dié sterre en oë sou plekke ruil?
 Dan sou haar wang se glans die sterre beskaam
 Soos sonlig 'n lantern; haar oë in die gewelf
 So helder skitter deur die hoë lug
 Dat voëls begin te sing, hul met die nag vergis.
 Kyk daar hoe rus haar wang nou op haar hand!
 Was ek tog maar 'n handskoene aan dié hand
 Dat ek dié wang mog raak!

JULIET. Ai tog!

ROMEO. Sy praat.

Praat weer, o helder engel, want jy is
 So stralend in die nag, daar bo my hoof,
 As 'n gevleuelde boodskapper van Bo
 Vir witgekeerde oë wat verwonderd staar
 Van mense wat moet trugval om hom aan te gaap
 As hy oor luie wattewolke skry
 En oor die lug se boesem vaar.

JULIET. O Romeo, Romeo! Waarom is jy Romeo?

Ontken jou vader en ontsê jou naam;
 Of as jy dit nie wil, sweer my jou hart,
 Dan is ek voortaan nooit meer Capulet.

ROMEO (*Tersy*). Moet ek nog luister, of nou al praat?

JULIET. Dis net jou naam wat vyand van my is.

Jy is jy self, 'n Montague of nie.
 Want wat is Montague? Dit is nóg hand, nóg voet,
 Nóg arm, nóg gesig. Ag, wees 'n ander naam
 Wat aan 'n man behoort.

Wat is 'n naam dan tog? Wat ons 'n roos noem,
 Sou geurig wees met enige ander woord.
 En net so Romeo, al was sy naam nie Romeo;
 Hy sou nog sy volkomeheid besit
 Sonder die naam. O Romeo, neem weg jou naam,
 En vir jou naam, wat tog jy self nie is,
 Neem alles wat ek is.

ROMEO. Ek neem jou woord.
 Noem my geliefde, en ek word nuut gedoop;
 Van nou af is ek nooit weer Romeo.

JULIET. Wie is jy wat verberg in donker nag
 Kom luister wat ek praat?

ROMEO. Met 'n naam
 Kan ek my nie aan jou onthul.
 My naam, my heilige, is haatlik vir myself
 Oor dit 'n vyand van jou is.
 Was dit geskryf, sou ek die woord opskeur.

JULIET. My ore het geen honderd woorde ingedrink
 Van wat jy sê, tog ken ek reeds die klank.
 Is jy nie Romeo, en 'n Montague?

ROMEO. Nie een nie, skone dame, as jy nie daarvan hou.

JULIET. Hoe het jy hiet gekom, sê my, en ook waarom?
 Die boord se muur is hoog, en swaar vir klim,
 Hier wag die dood, die plek in ag geneem,
 As enige verwant van my jou vind.

ROMEO. Met ligte liefdesvleuels het ek die muur oorstyf;
 Geen grens van klip kan liefde buite hou,
 Wat vir liefde moontlik is, dit durf dit aan.
 Daarom kan jou verwante my nie keer.

JULIET. As hul jou sien, sal hulle jou vermoor.

ROMEO. Wee my, daar lê meer dreiging in jou oog
 As twintig van hul swaarde! Wees jy maar toegeneë,
 Dan's ek bestand teen hulle vyandskap.

JULIET. Ek sou vir niks wou hê dat hul jou kry.

ROMEO. Die nag se mantel skuil my teen hul oë;
 As jy my min, kan hulle my maar kry.
 Want ek sluit liefs my lewe deur hul haat
 As dat die dood sou talm en jy my nie bemin.

JULIET. Wie het jou tog die pad hierheen beduie?

ROMEO. Die liefde self, wat my gedryf het om te vra.
 Hy het my raad gegee, in ruil vir oë.
 Ek is geen stuurman nie; maar al was jy ver
 Soos die enorme kus oorspoel deur verste see,

Wat is 'n naam dan tog? Wat ons 'n roos noem,
 Sou geurig wees met enige ander woord.
 En net so Romeo, al was sy naam nie Romeo;
 Hy sou nog sy volkomeheid besit
 Sonder die naam. O Romeo, neem weg jou naam,
 En vir jou naam, wat tog jy self nie is,
 Neem alles wat ek is.

ROMEO. Ek neem jou woord.
 Noem my geliefde, en ek word nuut gedoop;
 Van nou af is ek nooit weer Romeo.

JULIET. Wie is jy wat verberg in donker nag
 Kom luister wat ek praat?

ROMEO. Met 'n naam
 Kan ek my nie aan jou onthul.
 My naam, my heilige, is haatlik vir myself
 Oor dit 'n vyand van jou is.
 Was dit geskryf, sou ek die woord opskeur.

JULIET. My ore het geen honderd woorde ingedrink
 Van wat jy sê, tog ken ek reeds die klank.
 Is jy nie Romeo, en 'n Montague?

ROMEO. Nie een nie, skone dame, as jy nie daarvan hou.

JULIET. Hoe het jy hiet gekom, sê my, en ook waarom?
 Die boord se muur is hoog, en swaar vir klim,
 Hier wag die dood, die plek in ag geneem,
 As enige verwant van my jou vind.

ROMEO. Met ligte liefdesvleuels het ek die muur oorstyg;
 Geen grens van klip kan liefde buite hou,
 Wat vir liefde moontlik is, dit durf dit aan.
 Daarom kan jou verwante my nie keer.

JULIET. As hul jou sien, sal hulle jou vermoor.

ROMEO. Wee my, daar lê meer dreiging in jou oog
 As twintig van hul swaarde! Wees jy maar toegeneë,
 Dan's ek bestand teen hulle vyandskap.

JULIET. Ek sou vir niks wou hê dat hul jou kry.

ROMEO. Die nag se mantel skuil my teen hul oë;
 As jy my min, kan hulle my maar kry.
 Want ek sluit liefs my lewe deur hul haat
 As dat die dood sou talm en jy my nie bemin.

JULIET. Wie het jou tog die pad hierheen beduie?

ROMEO. Die liefde self, wat my gedryf het om te vra.
 Hy het my raad gegee, in ruil vir oë.
 Ek is geen stuurman nie; maar al was jy ver
 Soos die enorme kus oorspoel deur verste see,

Sou ek vir só 'n prys dit dadelik waag.

JULIET. Jy weet die nag se masker is op my gesig;
 Daarsonder sou 'n maagdeblos my wang verkleur
 Oor wat jy my vannag hoor uitspreek het.
 Ek sou nog graag formeel wou wees – graag, graag ontken
 Wat ek gesê het: maar weg met voorskrifte!
 Het jy my lief? Ek weet jy sal sê: „Ja”;
 En ek neem jou woord. En tog, as jy moes sweer
 Sou dit kon vals wees. Oor liefdesleuens, sê hul,
 Lag Jupiter. O liewe Romeo,
 As jy my liefhet, sê dit dan eerlik uit.
 Of as jy dink ek laat my te gou wen,
 Dan sal ek frons en dwars wees en sê nee,
 Dat jy die hof kan maak: maar anders nie.
 Jy sien, my liewe Montague, ek is te sag,
 Nou mag jy dink dat ek my lig gedra;
 Vertrou my, heer, ek sal getrouer wees
 As dié wat meer vernuftig hoofs kan speel.
 Ek moes my meer opsy gehou het, ek erken,
 Maar toe het jy gehoor, voor ek dit wis,
 Hoe lief ek werklik het. Vergewe my daarom,
 En sien my oorgee nie as ligtheid nie,
 Wat so onthul is deur die donker nag.

ROMEO. Geliefde, by dié geseënde maan sweer ek,
 Wat met sy silwer al dié bome raak –

JULIET. O sweer nie by die maan, die onbestendige maan,
 Wat maandliks wissel in haar wentelbaan,
 Dat wisfclturig nie jou liefde ook mag blyk.

ROMEO. Waarby moet ek dan sweer?

JULIET. Sweer liewer glad nie;
 Of as jy moet, sweer by jou liewe self,
 Jy is die god van my verafgoding,
 Ek sal jou glo.

ROMEO. As dan die kosbaar liefde van my hart –

JULIET. Nee, moenie sweer. Al is ek bly oor jou,
 Het ek geen blydschap oor vannag se eed.
 Dit is te ondeurdag, te vlug, en te opeens;
 Té soos die weerlig wat vanself verdwyn
 Voor jy kan sê dis lig. My lief, goeienag!
 Dalk sal ons liefdesbotsel, deur somerasem geryp,
 'n Pragblom wees wanneer ons weer ontmoet.
 Goeienag, goeienag! Ek gun jou soete rus,
 Dat jou hart mag vrede ken soos dié wat in my sus!

ROMEO. Gaan jy my dan so onbevredig laat?

JULIET. Watter bevrediging kan ek jou gee vannag?

ROMEO. Dat jy my liefde toesê soos ek jou.

JULIET. Dit het ek reeds gedoen voor jy kon vra;

Ek wens ek had dit trug om weer te gee.

ROMEO. Wil jy dit trugtrek? Maar waaróm dan, lief?

JULIET. Dat ek vrygewig jou dit weer kan gee.

Ek bly die ding begeer wat ek reeds het.

My gawe is so grensloos soos die see,

So diep my liefde; en hoe meer ek gee,

Hoe meer het ek, want dit is ruimteloos.

Ek hoor iets binnekant. Vaarwel, my liewe lief!

Oppasster roep binne.

Goed, Vrou, ek kom! En Montague, bly trou!

Wag net 'n bietjie, dan kom ek weer terug.

Af.

ROMEO. Geseënde, diep geseënde nag! Ek is bevrees

Dat oor dit nag is, als sal drome blyk,

Te soet-verleidelik om waar te wees.

Juliet weer op.

JULIET. Drie woorde, Romeo, dan werklik goeienag.

As dan jou liefde eerbaar van bedoeling is,

Jou doelwit troue, laat my môre weet

Deur iemand wat ek stil aan jou sal stuur,

Waar en wannêr die seremonie is,

Dan lê ek heel my lewe aan jou voet

En volg my heer die ganse wêreld deur.

Oppasster roep binne: Juffrou!

JULIET. Ek kom, ek kom. – Maar as dit jou nie erns is,

Dan smee ek jou –

Oppasster roep binne: Juffrou!

JULIET. Ek kom nou dadelik. –

Om jou aanslag te laat vaar en my in smart te láát.

Ek stuur jou môre iemand.

ROMEO. Dit laat my siel floreer.

JULIET. 'n Duisend maal goeienag!

Af.

ROMEO. 'n Duisend maal moet ek jou lig ontbeer!

Die liefde gaan na liefde soos 'n seun weg van sy boeke;

Maar liefde weg van liefde, die sware pad na skool.

Juliet weer op.

JULIET. Haai, Romeo, haai! Had ek 'n valkenier se stem

Dat ek dié jagvalk trug kon bring!

My vasgekeerdheid durf net saggies praat,
 So nie, sou ek die Eggo-grot verskeur
 Sodat haar luide stem verhees teen my,
 Met die herhaling van „My Romeo”!

ROMEO. Dit is my hart wat daar my naam uitroep.
 Hoe silwersoet klink minnaarstemme in die nag,
 Soos sagte note teen 'n oor gespits!

JULIET. Romeo!

ROMEO. My lief?

JULIET. Op watter uur
 Moet ek hom môre stuur?

ROMEO. Teen nege-uur.

JULIET. Ek sal gewis. Dis twintig jaar tot dan.
 Ek het vergeet waarom ek jou terug wou roep.

ROMEO. Laat my hier staan en wag tot jy onthou.

JULIET. Ek sal vergeet, net dat jy hier kan bly,
 Onthouend hoe ek van jou hou.

ROMEO. En ek sal bly, dat jy kan bly vergeet,
 Vergetend dat my tuiste elders is.

JULIET. Dis byna dag. Ek sou dat jy nou gaan –
 En tog niks verder as die kwikkie van 'n kind,
 Wat uit sy hand gelaat word om te wip,
 'n Klein gevangene in sy bande vas,
 En dan weer met 'n sydraad truggepluk,
 Oor vryheid steeds so liefderyk-jaloers.

ROMEO. Ek wil jou kwikkie wees.

JULIET. My lief, dit wil ek ook.
 Maar ek sou jou met my vertroetling moor.
 Goeienag, goeienag! Wat is 'n groet tog soet van smart:
 Dus moet ek nag sê tot dit môre word, my hart.
Af.

ROMEO. Laat slaap nou op jou oë rus en vrede in jou bors!
 Was ek maar slaap en vrede om so soet te rus.
 Nou moet ek na my bievader se sel
 Om hulp te vra en van my blydschap te vertel.
Af.

TONEEL III

Die sel van Broer Lawrence

Broer Lawrence allenig met sy mandjie op.

BROER LAWRENCE. Die grysog-môre glimlag vir die nag wat frons.

Verkleur met strepe lig die oosterwolk;
En die gevlekte duister steier dronk
Weg uit die dag en vuurwielkoets se pad.
Nou, vóór die brandoog van die son verrys
Om die dag te kom verbly en nagdou te verdroog,
Moet ek dié biesiemandjie van ons vul
Met gifkruid en met blomme vol kosbaar sap.
Natuur se moeder aarde is haar graf.
Maar hierdie graf is bowendien haar skoot;
En ons, die kinders wat daaruit ontspring,
So vol verskeidenheid, vind suigend aan haar bors
Véél wat vir vele deugde uitstekend is,
En niks wat deug vir niks, verskillend áls.
O groot is die genade wat daar skuil
In die ware aard van plant en kruid en klip;
Niks is só boos wat op die aarde groei
Dat dit nie ook iets goeds trug aan die aarde gee;
En niks só goed dat dit, van ware nut gewend,
Nie ook sy aard kan teëgaan en misbruik kan word.
Misbruikte deug word déúr sy misbruik boos,
Terwyl die bose soms geheilig word.

Romeo op.

Binne die sagte skil van dié teer blom
Is gif verskuil én krag wat heel;
Want ruik jy dit, doen dit die hele liggaam goed;
Deur dit te proe, sterf hart en sintuig saam;
Dié teenoorstaande vorste leër steeds
In mens en kruid tesaam – die goed en kwaad;
En waar die slegte in oorheersing staan,
Vreet wuims van die dood weldra die plant.

ROMEO. Goeiemôre, Vader.

LAWRENCE. Benedicite!

Van wie's die vroeë tong wat my so soet begroet?
My seun, dit dui op 'n beswaarde gemoed
Om só vroeg uit jou bed al op te staan.
Die kommer waak in elke oumansoog,
En waar hý huis, is daar geen plek vir slaap;

Maar waar die ongeskonde jeug met skoon gemoed
Sy lyf neerlê, daar heers die goue slaap.
Daarom verseker hierdie vroegheid my
Dat een of ander kwelling jou ontstel;
So nie, dan is daar dit wat ek verwag –
Ons Romeo was nooit in die bed vannag.

ROMEO. U tweede raai is reg. My rus was des te soeter.

LAWRENCE. Mag God vergeef! Was jy by Rosaline?

ROMEO. My liewe biegvader, nie Rosaline nie, nee.

Dié naam het ek vergeet met al sy leed.

LAWRENCE. So praat 'n goeie seun. Waar wás jy dan?

ROMEO. Ek sal vertel voor u dit weer kan vra.

Ek het gaan fees hou by my vyande,

En daar is ek eensklaps deur een verwond

Wat ek verwond het. Genesing vir die twee van ons

Lê by u hulp en in u medisynekuns.

Haat dra ek nie, o godsman, want u sien:

My bede is my vyand ook tot diens.

LAWRENCE. Praat reguit, liewe seun, en sonder ompadloop.

Verwarde biege maak ook vergiffenis verward.

ROMEO. Nou onomwonde dan: die liefde van my hart

Mik op die skone dogter van ryk Capulet,

Soos ek op haar, is sy op my verlief,

Albei verenig, behalwe dit wat u

In heilige huwelik moet verbind. Hoe, wanneer, waar

Ons twee ontmoet, die hof gemaak en ons verbind het,

Vertel ek u op pad; al wat ek vra

Is dat ons troue nog vandag u seën sal dra.

LAWRENCE. Maar Heilige Fransiskus! Wat 'n ommekeer!

Die Rosaline wat jy so diep bemin het,

Is sy so gou vergeet? Jong mans se liefde lê

Gewis nie in die hart, net in die oog.

Jesumaria! Dink aan al die sout

Wat oor Rosaline jou wange bleek gewas het!

Hoeveel soutwater weggegooi, vermors,

Om liefde geur te gee, wat nie daarna smaak!

Jou sugte's nog nie deur die son vervaag,

En my ou ore hoor jou klaaglied nog.

Daar op jou wang sit steeds 'n vlek,

'n Traan nog steeds onafgespoel.

Die hele jy en al dié smart van jou

Het net bestaan om Rosaline.

Nou't jy verander? Dan sal jy moet erken:

Waar manne kragloos is, mag vroue val.
 ROMEO. U't my gereeld betig oor Rosaline.
 LAWRENCE. Nie oor jy liefhad, maar oor jy so verslinger was.
 ROMEO. Dié liefde't u gesê moet ek begraaf.
 LAWRENCE. Nie in 'n graf
 Waar jy een inlê om 'n ander uit te haal.
 ROMEO. Ek smeek u tog: kasty my nie. Sy wat ek min
 Vereffen guns met guns, my liefde met haar eie.
 Die ander was nie so.
 LAWRENCE. O, sy het goed besef
 Jou liefde is maar praat wat nie kan spel.
 Kom, wispelturige, kom saam met my.
 Ek sal in één opsig jou help:
 Só 'n verbintenis mag goed beloof
 Om die erfhaat van jul huise in liefde om te keer.
 ROMEO. Laat ons dan gaan. Want ek verg haas.
 LAWRENCE. Stadigaan en wys: wie hardloop, struikel gou.
Albei af.

TONEEL IV

'n Straat

Benvolio en Mercutio op.

MERCUTIO. Maar waar de duiwel kan die Romeo wees?
 Was hy nooit tuis vannag?
 BENVOLIO. Nie in sy pa se huis. So sê sy kneg.
 MERCUTIO. Die bleke Rosaline met harde hart
 Gaan hom nog in die waansin dryf.
 BENVOLIO. Tybalt, die neef van oubaas Capulet,
 Het na sy pa se huis 'n brief gestuur.
 MERCUTIO. 'n Uitdaging, gewis.
 BENVOLIO. Romeo sal reageer.
 MERCUTIO. Maar dit sou enigiemand wat kan skryf.
 BENVOLIO. Nee, hy sal die brief se baas vra hoe hy durf om hom te
 daag.
 MERCUTIO. Ag, arme Romeo, hy is klaar dood: neergestek deur die
 swart oog van 'n blanke meisie; sy oor deurboor deur 'n minne-
 lied; die hart van sy hart gekloof deur die stompe pyl van 'n blinde
 kind; hoe kan hý in staat wees om teen Tybalt te veg?
 BENVOLIO. Wat is Tybalt dan miskien?
 MERCUTIO. Méér as die Prins van Katte! Die dappere heer en mees-

ter van alle vorme van formaliteit. Hy veg soos wat jy 'n rympie van 'n boek afsing – hy hou tyd en afstand, ewewig; die kleinste pousetjie respekteer hy: een, twee, en die derde in jou borskas! Hy kloof 'n syknopie lag-lag middeldeur, tweeveter by uitnemendheid, en watter vegter! 'n Heer van die eerste water, meester van elke reël in die boek. A, die onsterflike *passado*! Die *punto reverso*! Die haai!

BENVOLIO. Die wat?

MERCUTIO. Te hel met sulke aanstellerige, lispelende, geaffekteerde laventelheertjies – met al hul modepraatjies! – „Voorwaar, 'n netjiese lem! Prima kêrel. Eersterangse hoer!” Ek sê, oupa, is dit nie ellendig dat ons gepla moet word deur dié vreemde vlieë, dié modemannetjies, dié ekskuseer-my-toggies wat so op hul punte staan dat hulle nie meer behoorlik plat kan sit nie? Ag, die spul bekvlopaddatjies!

Romeo op.

BENVOLIO. Hier kom Romeo! Hier kom Romeo!

MERCUTIO. En steeds in rou, pure droë haring. Ag, vlees, vlees, hoe het jy vis geword! Nou maak hy versies soos Petrarca. In vergelyking met sý geliefde was Laura 'n kombuisbediende (ek moet sê, sy't darem 'n beter minnaar gehad om haar te berym), en Dido dooierig, Cleopatra 'n kekkelaar, Helena en Hero hoertjies en hopeloos, Thisbe miskien 'n glinstering in die oog maar nie ter sake nie. Signior Romeo, *bonjour*! Daar's vir jou 'n Franse groet by jou Franse broek. Jy het ons gisteraand sleg verkul.

ROMEO. Goeiemôre aan jul albei. Hoe het ek jul verkul?

MERCUTIO. Onder ons uit verdwyn, ons verkul met jou kilte. Verstaan jy nie?

ROMEO. Verskoon my, ou Mercutio. My sake was dringend en so iets dwing mens om hoflikheid 'n bietjie te rek.

MERCUTIO. Jy bedoel: met 'n saak soos joune kan 'n man maklik 'n dyspier verrek.

ROMEO. Deur te diep te buig.

MERCUTIO. Jy vertolk dit baie vriendelik.

ROMEO. Dis jy wat dit so hoflik gestel het.

MERCUTIO. Ek skitter maar so van hoflikheid.

ROMEO. Soos 'n ster?

MERCUTIO. Juis.

ROMEO. Oppas dan vir my skoenpunt in jou sterre.

MERCUTIO. Loop nou agter die grappie aan tot jou skoene gedaan is: moet hom net nie raaktrap nie.

ROMEO. As ek hom raaktrap, sal daar net 'n baie plat grap oorbly.

MERCUTIO. Kom tussenbeide, Benvolio, my kop gaan staan!

ROMEO. Gee hom peits en spore, peits en spore, anders wen ek die ronde!

MERCUTIO. Nee wag, as ons vernuf so op hol gaan, gee ek oor: want jy't meer varkies op hol as ek in my ganse lyf.

ROMEO. Ek het lankal gedink jy's onder 'n gans uitgebroei – dis dié dat jy so lief vir die veerpootjies is.

MERCUTIO. Dis 'n veerpootjie wat jóú gepootjie het!

ROMEO. Wag, nou is dit jy wat gansegaar op hol raak.

MERCUTIO. Jou gevatheid is kruie vir enige gaar gans, al is dit party-keer bietjie skerp.

ROMEO. Dis jy wat altyd neig om jou stories te kruie.

MERCUTIO. Nou kruie jy darem te ver met my grappie aan.

ROMEO. Is jy 'n kruidjie-roer-my-nie?

MERCUTIO. Nou toe nou, dis mos beter as om te loop en kerm van liefde! Nou is jy weer gesellig, nou is jy Romeo; nou is jy wat jy is, in geaardheid én vernuf. Want dié slobberende liefde is nes 'n groot dorpsdoot wat uittong heen en weer hol om sy speelding in 'n gat te gaan bêre.

BENVOLIO. Genoeg, genoeg!

MERCUTIO. Nou moet ek met my storie vassteek net voor hy by die fyndraai kom!

BENVOLIO. Voor die stekery te grof raak, wil jy sê.

MERCUTIO. Nee, jy misgis jou. Ek het my storie nou gerek so ver hy kan, ek was amper by die punt.

ROMEO. Hier kom iets aan!

Oppasster en haar kneg Peter op.

'n Seil, 'n seil!

MERCUTIO. Twee, twee! Dis hemp én rok.

OPPASSTER. Peter!

PETER. Hier's ek.

OPPASSTER. My waaier, Peter.

MERCUTIO. Om haar gesig te masker, Peter, want die waaier is mooier.

OPPASSTER. Goeiemôre, menere.

MERCUTIO. Goeiemiddag, skone dame.

OPPASSTER. Is dit al middag?

MERCUTIO. Dis wat die wysters sê: die oggend lê al op haar rug – die middag is nou bo.

OPPASSTER. Toe vir jou! Wat se soort mansmens is jy?

ROMEO. Een wat God gemaak het, Dame, sodat hy homself kan mismaak.

OPPASSTER. Goed gesê. „Sodat hy homself kan mismaak,” sê u? Menere, kan een van u my sê waar ek jong Romeo kan kry?

ROMEO. Ek kan u sê; maar jong Romeo sal ouer wees wanneer u hom kry as wat hy was toe u hom gesoek het. Ek is die jongste met dié naam, by gebrek aan iets ergers.

OPPASSTER. Dis goed.

MERCUTIO. Hoe kan die ergste goed wees? Dis nou 'n goeie begrip.

Baie wys, baie wys.

OPPASSTER. As dit u is, meneer, wil ek u graag vertroulik spreek.

BENVOLIO. Sy gaan hom nooit vir ete.

MERCUTIO. 'n Grap, 'n grap, 'n grap! Sa, vat so!

ROMEO. Wat sien jy nou?

MERCUTIO. G'n bokkie nie, ou vriend – behalwe een in 'n tert en dié is maar taamlik gaar en uitgebak.

Loop singende om hulle.

Jong bokkiepastei,

Jong bokkiepastei

Is lekker in die Pase.

Maar 'n ou bok sonder blaar

Kom nooit behoorlik gaar,

Dan eet ek liever hase.

Kom jy na jou pa se huis toe, Romeo? Ons eet vanmiddag daar.

ROMEO. Ek kom agterna.

MERCUTIO. Vaarwel, vervloë dame, vaarwel. (*Singend.*) „Dame, Dame, Dame . . .”

Mercutio en Benvolio af.

OPPASSTER. Sê my, meneer, wat se handelaar was dit dié wat mens so wol om die ore draai en jou 'n kat in die sak verkoop?

ROMEO. 'n Jonkman, Vrou, wat graag na sy eie praatjies luister en meer in 'n minuut kan praat as wat hy self in 'n maand kan aanhoor.

OPPASSTER. Laat hy net iets teen my sê, dan sal ek hom aanvat, al was hy frisser as wat hy is; en as ek nie kan nie, sal ek mense kry wat kan. Verpestelike vent! Ek is nie een van sy fleriesloeries nie; ek is nie een van sy uitskot nie. En dan staan jy maar en aanhoor hoe elke skorriemorrie met my maak soos hy lekker kry!

PETER. Ek het g'n man gewaar wat met jou maak soos hy lekker kry nie. As ek het, dan het ek daar en dan my wapen uitgepluk, dit be-loof ek jou. Ek kan net so vinnig uitpluk as 'n ander man, as ek kans sien in 'n goeie bakleiery, met die wet aan my kant.

OPPASSTER. So waar as die Here, ek is nou so kwaad, daar is niks aan my wat nie bewe nie. Verpestelike vent! Vergun my 'n woord, meneer; soos ek u al gesê het: dis my jonge juffrou wat my aangesê het om u op te spoor. Wat sy vir my gesê het om te sê, dit hou ek vir myself; maar laat ek u eers reguit sê: as u van plan is om haar

in 'n gekkeparadys in te lei, soos hulle sê, dan sou dit 'n gemene spul wees, soos hulle sê. Want die meisie is nog jonk; en as u haar dus om die bos wil lei, dan sal dit 'n agterbakse ding wees om 'n jong edelmeisie aan te doen, en baie liederlik daarby.

ROMEO. Vrou, dra my groete aan jou juffrou oor. Ek gee jou die versekering –

OPPASSTER. Ag, ek sal haar sê. Liewe Here tog, sy sal so bly wees.

ROMEO. Wat sal jy haar sê, Vrou? Jy luister nie na my nie.

OPPASSTER. Ek sal haar sê u't my u versekering gegee, en soos ek die saak sien, is dit 'n baie ordentlike aanbod.

ROMEO. Vra haar om tog 'n wyse te prakseer
Om nog vanmiddag biegstoel toe te kom;
In Broeder Lawrence se monniksel sal sy
Eers bieg en daarna trou. Hier's iets vir al jou moeite.

OPPASSTER. O nee, my heer; geen duit.

ROMEO. Toe nou! Ek dring daarop aan.

OPPASSTER. Vanmiddag nog, meneer? Sy sal daar wees.

ROMEO. En, Vrou, wag jy by die abdy se muur.

Oor minder as 'n uur stuur ek my kneg
Met touwerk om daarmee 'n leer te maak,
Wat my in die geheime nag

Na die maspunt van my vreug sal dra.

Vaarwel. As jy getrou is, sal ek dit beloon.

Vaarwel. En groete aan jou meesterses.

OPPASSTER. God seën u. O, maar meneer!

ROMEO. Wat wil jy sê, Oppasstervrou?

OPPASSTER. Is u kneg betroubaar? Het u nooit gehoor:

Twee kan geheim hou as mens een wegneem?

ROMEO. Ek waarborg jou: op hom sal ons kan reken.

OPPASSTER. My juffrou is 'n liefste meisie, heer. Hemel tog, toe sy nog sommerso 'n klein babbelsbekkie was – O, daar's mos 'n edelman hier in die stad wat ook glo in die slaai wil krap, ene Paris; maar sy, liewe mens, sý sal eerder na 'n padda kyk as na hóm. Partykeer maak ek haar kwaad, dan sê ek Paris is 'n meer geskikte man; maar ek belowe u, dan word sy bleker as enige stukkie gaasdoek in die wye wêreld. Sê my, begin Romeo en roosmaryn dan nie altwee met dieselfde letter nie?

ROMEO. Ja, Vrou, en wat daarvan? Albei begin met R.

OPPASSTER. Nou spot u: dis mos hondetaal. R staan vir die – Nee: ek weet dit begin met 'n ander letter en sy het die fraaiste ou gesegdes daaroor, oor u en roosmaryn, dit sal u hart goed doen om dit te hoor.

ROMEO. Sê groete aan u meesterses.

OPPASSTER. O, duisend maal. (*Romeo af.*) Peter!

PETER. Ek kom!

OPPASSTER. Opskud, vooruit!

Hy gaan af, gevolg deur haar.

TONEEL V

In Capulet se boord

Juliet op.

JULIET. Nege het dit geslaan toe ek haar stuur;
Oor 'n halfuur sou sy trugkom, het sy vas beloof.
Dalk kon sy hom nie kry. Nee, dis nie waar.
Sy's mank! Die liefde se heroute moet gedagtes wees,
Wat tien keer vinniger as sonnestrale glip
As hulle skadu's oor die heuwels dryf.
Dis waarom vluggeveleulde duiwe Liefde trek,
Waarom Cupido soos die wind kan vlieg.
Nou sit die son al teen die hoogste krans
Van heel sy dagreis, en van nege tot twaalf
Is drie lang ure; nog altyd bly sy weg.
Had sy geneentheid en die jeug se warm bloed,
Sou sy so vlug beweeg het as 'n bal;
My woorde sou haar aandryf na my lief
En syne trug na my.
Maar oumense beweeg soos sterwendes –
Lomp en stadig, swaar en bleek soos dood.

Oppasster en Peter op.

Hier kom sy, God! O liewe vrou, wat is die nuus?
Het jy hom gekry? Stuur weg jou kneg.

OPPASSTER. Peter, gaan wag daar by die hek.

JULIET. Kom nou, o liewe vrou: wat lyk jy so bedroef!
Al is die nuus ook droef, dra dit tog vrolik oor:
En is dit goed, beskaam u die musiek
Deur dit met so 'n nors gesig te speel.

OPPASSTER. Nee, ek is moeg, laat my eers rus.

Hoe pyn my bene! – van die ent se stap!

JULIET. Had jy my bene maar en ek jou nuus!

Nee, kom nou, praat: o liewe vrou tog, praat!

OPPASSTER. Jesus, jy's haastig! Kan jy nie bietjie wag?
Sien jy nie dat ek skoon uitasem is?

JULIET. Uitasem jy? As jy nog asem het

Om my te sê dat jy uitasem is?

Al jou verskonings wat jy maak om uit te stel

Is langer as die nuus wat jy verskoon.

Is dit goed of sleg? Antwoord my dit.

Sê één daarvan, dan kan besonderhede wag.

Stel my tevrede: is dit goed of sleg?

OPPASSTER. Jy't 'n onnosel keuse gemaak; jy weet nog nie hoe mens 'n man moet kies nie. Romeo? Nee wat, nie hy nie. Al is sy gesig aantrekliker as enige ander man s'n, is sy bene nogtans beter as enigiemand anders s'n; wat hande en voete en lyf betref, al is dit nou nie juis om van te praat nie, is dit darem weergaloos. Hy's nou nie 'n blom van hoflikheid nie, maar darem sag soos 'n lam. Nou ja, wat, meisiekind, volg maar jou kop en dien die Here. Sê my, het julle al geëet?

JULIET. Nee, nee. Maar alles wat jy sê, dit wis ek al.

Wat sê hy van ons troue? Wát daarvan?

OPPASSTER. Ai tog, my kop! So 'n kop het ek aan my!

Dit klop of dit in twintig stukke breek.

En dan my rug daarby – ag tog, my rug, my rug!

Skaam jou dat jy my so kan stuur

Om my nog morsdood in die strate rond te loop!

JULIET. Dit spyt my regtig dat jy siek moet voel.

Ag liewe, liewe, liewe vrou, sê my wat sê my lief?

OPPASSTER. Jou lief sê, soos dit 'n eerbare en 'n ordentlike en 'n vriendelike en 'n aantreklike en seker 'n deugsame man betaam – Waar is jou ma?

JULIET. Waar is my ma? Sy is tog binnekant.

Waar anders moet sy wees? Jy praat so vreemd!

„Jou lief sê, soos dit 'n eerbaar man betaam,

„Waar is jou ma?’”

OPPASSTER. Ag, Moeder van die Liewe Heer!

Is jy só heet? Bedaar dan tog, so waar.

Begroet jy my seer bene met dié salf?

Voortaan kan jy maar self jou boodskappe gaan doen.

JULIET. Dis so verward! Kom: wat sê Romeo?

OPPASSTER. Het jy verlof om te gaan bieg vandag?

JULIET. Ek het.

OPPASSTER. Nou haas jou na die sel van Broer Lawrence;

Daar wag 'n man wat jou sy vrou wil maak.

Nou jaag die hete bloed weer in jou wange op:

Die kleinste nuus laat hulle dadelik gloei.

Gaan kerk toe, gou; want ek moet anderpad

'n Leer gaan haal waarmee jou lief vanaand
'n Voëlnes kan bereik sodra dit donker word.
Ek moet my afsloof, en werk vir jou plesier:
Maar hierdie nag sal jý die las moet dra.
Toe: ek gaan eet; haas jou nou na die sel.
JULIET. Ek haas my na geluk. O liewe vrou, vaarwel.
Albei af.

TONEEL VI

Die sel van Broer Lawrence

Broer Lawrence en Romeo op.

LAWRENCE. Mag só die hemel dié daad seën
Dat later naberou ons nie kom kwel.

ROMEO. Amen, amen! Laat enige smart maar kom,
Dit kan nie opweeg teen die blydschap nie
Wat één minuut van haar te sien my gee.
Verseël ons hande met 'n heilig woord,
Dan kan die dood, wat liefde swelg, maar kom –
Dat sy mag myne wees, dit is genoeg.

LAWRENCE. Uitspattig vreugde kom uitspattig tot 'n end,
Sterf in oorwinning, net soos vuur en kruit
Wat in hul kus mekaar verteer. Selfs heuningkoek
Is walglik in sy eie soetigheid
En dood die eetlus met sy smaak.
Wees matig in jou liefde dus: dan duur dit lank;
Te-vinnig kom te laat, net soos te-traag.

Juliet op.

Hier kom die dame. O, dié ligte tred
Sal nooit, soos water, die ewige klip verweer.
'n Minnaar kan oor spinnewebbe loop
Wat in die ligte somerluggie dryf
En tog nie val: só lig is ydelheid.

JULIET. Ek wens my biegvader 'n goeie dag.

LAWRENCE. Laat Romeo jou namens ons bedank.

JULIET. Ek groet ook hom, want so nie word sy dank te veel.

ROMEO. A Juliet, as ook jóú vreugdeskelk

Oorloop van blydschap soos wat myne doen, en jy
Dit beter kan vertoon as ek, kom dan, versoet
Met adem hierdie lug, laat ryk musiek

Se tong vertolk die vreugde wat ons albei voel
En wedersyds uit dié ontmoeting put.

JULIET. Die wese van begrip is meer as woorde net,
Sy kern is belangrik, nie sy tooi.

Wie waarde kan bereken, is maar bedelaar;
So buitensporig het my liefde uitgegroeï
Dat ek die helfte van my rykdom nie kan tel.

LAWRENCE. Kom, kom saam met my; laat ons dit afhandel;

As jul vergun, laat ek jul nie alleen
Voordat die kerk jul twee verbind tot een.

Al drie af.

DERDE BEDRYF

TONEEL I

'n Stadsplein

Mercutio, Benvolio en Knegte.

BENVOLIO. Kom asseblief, Mercutio, ons gee pad.

Dis warm vandag, die Capulets is op straat,
As ons hul teëkom, dan word daar baklei,
Want die hitte van dié dae stoor die bloed.

MERCUTIO. Jy's nou soos een van dié manne wat by 'n taverne instap en sy swaard op die tafel neersmyt en sê: „God gee dat ek jou nie nodig kry!” en wanneer die tweede glas begin te trek, dan trek jy dit op die kelner; juis wanneer dit inderdaad nie nodig is nie.

BENVOLIO. O, jy reken ek is een van dié?

MERCUTIO. Toe nou, jy's net so buierig as wie ook al in Italië: jy laat jou net so maklik tot befoeterdheid beweeg – en jy's so befoeterd dat jy jou maklik laat beweeg.

BENVOLIO. Jy's getik.

MERCUTIO. As ek so getik soos jy was, dan was daar netnou nie meer een van ons oor nie, want dan't ons mekaar afgetik. Jy! Jy sal skoor soek met 'n man wat 'n baardhaar meer of minder as jy het. Jy sal skoor soek met 'n man wat amandels kraak, net oor jy self amandeloë het. Dis ál soort oog wat so 'n rede vir rusie kan raaksien. Jou kop sit so vol rusie soos 'n eier vol drilsel, en tog is jou kop oor al die rusiemakery al net so dikwels breekgeslaan as 'n eier. Anderdag het jy mos met 'n man baklei oor hy op straat gehoes het en jou hond wakker gemaak het wat in die son gelê en slaap het. En het jy nie 'n uitval met 'n snyer gehad oor hy vóór Pase sy nuwe baadjie gedra het nie? En met iemand anders oor hy sy nuwe skoene met ou veters wou vasmaak nie? En nou wil jý vir mý kom sê ek moenie baklei nie!

BENVOLIO. As ek so skoorsoekerig soos jý was, dan kon enige Jan Rap die res van my lewe teen 'n uur en 'n kwart se prys kontant gekoop het.

MERCUTIO. Kontant? Jý hou jou lyf kontant!

Tybal, Petruchio en ander op.

BENVOLIO. So by my kop, hier kom die Capulets.

MERCUTIO. So by my hak, dit traak my nie.

TYBALT. Kom saam, ek gaan met hulle praat.

Menere, dag. 'n Woord met een van jul.

MERCUTIO. Net een ou woordjie met net een van ons? Gee iets op die koop toe: maak dit 'n woord en 'n hou.

TYBALT. Ek is heeltomal geneë daartoe, meneer, en as jy nie oppas nie, sal jy my nog rede gee.

MERCUTIO. Kan jy nie rede vat sonder dat dit gegee word nie?

TYBALT. Mercutio, jy gaan mos om met Romeo?

MERCUTIO. Gaan om? Wat dink jy, is ons troebadoers wat 'n toneel dans? Kyk, as jy troebadoers van ons wil maak, sal jy niks behalwe wanklanke uit ons kry nie. Hier's my strykstok – dit sal jou aan die dans kry. Omgaan, verdomp!

BENVOLIO. Ons praat hier in 'n openbare plek.

Trek julle trug na 'n private oord,

Of praat jul griewe koel en nugter uit,

So nie, gaan uitmekaar. Hier is ons in die oog.

MERCUTIO. 'n Oog is mos gemaak vir kyk, so laat hul kyk.

Ek gee nie vir 'n ander pad, nie ék.

Romeo op.

TYBALT. Ek wens jou vrede toe, meneer. Hier kom my man.

MERCUTIO. Jou man, jou kneg? Hy dra nie jou livrei.

Gaan na die strydperk, dáár sal hy jou volg:

In dáárdie sin kan jy na hom verwys as man.

TYBALT. Romeo, die liefde wat ek jóú toedra, vergun

My nie dat ek jou anders noem as slaaf.

ROMEO. Tybalt, die rede wat ek het om jou te ag

Temper die woede wat ek na behore voel

Oor so 'n groet. Slaaf is ek nie.

Daarom vaarwel. Ek sien jy ken my nie.

TYBALT. Dit sal die onreg nie vergeef nie, knaap,

Wat jy my aangedoen het: draai jou om en veg.

ROMEO. Onreg het ek jou nimmer aangedoen,

Ek ag jou meer as wat jy ooit kan dink

Voor jy die rede van my agting weet:

Dus, liewe Capulet, 'n naam vir my

So kosbaar as my eie, teuel jou drif.

MERCUTIO. O onderdanigheid so stil, oneerbaar, laag!

Alla stoccata is die raad! (*Trek sy swaard.*)

Tybalt, jou rottevanger, staan opsy!

TYBALT. Wat wil jy van my hê?

MERCUTIO. Net een van jou nege lewens, Kattekoning! Dít gaan ek neem; gebruik die ander agt as jy my wil bykom. Gaan jy jou

swaard aan die ore uit sy skede pluk? Opskud, want anders speel myne om jou ore voor joune uit is.

TYBALT. Ek is gereed. (*Trek sy swaard.*)

ROMEO. Liewe Mercutio, sit trug jou swaard.

MERCUTIO. Komaan, meneer, dis jou *passado!*

Hulle veg.

ROMEO. Pluk uit, Benvolio, en slaan hul wapens neer.

Skaam jul, menere! Laat dié skande vaar!

Tybalt, Mercutio, uitdruklik het die Prins

Dié rusies uit die strate uitgeban.

Tybalt, hou op! Liewe Mercutio!

Tybalt steek Mercutio onder Romeo se arm deur en vlug.

MERCUTIO. Ek is getref.

'n Pes oor albei huise! Ek is gewond.

En is hy vort, makeer hy niks?

BENVOLIO. Wat, het jy seergekry?

MERCUTIO. Ja, ja, 'n skraap, 'n skraap. Dis erg genoeg.

Waar is my kneg? Gaan, slaaf, gaan haal 'n dokter.

Kneg af.

ROMEO. Hou moed. So erg kan dit nie wees.

MERCUTIO. Nee, dis nie so diep soos 'n put of so breed soos 'n kerk-deur nie; maar dis erg genoeg, dit sal deug. As jy môre na my kom verneem, sal jy hoor ek het my kisklere aan. Ja-nee, my kersie is uit. 'n Pes oor jul twee huise! Verdomp, dat 'n hond, 'n rot, 'n muis, 'n kat mens nou kan doodkrap! 'n Grootbek, 'n skurk, 'n lae lak wat uit die boek uit veg! Wat de duiwel het jy tussenbeide gekom? Hy't my onder jou arm deur gesteeke.

ROMEO. Ek het dit goed bedoel.

MERCUTIO. Neem my 'n huis in nou, Benvolio,

Want ek voel flou. 'n Pes oor jul twee huise!

Kos vir die wurms is ek nou. Ek het

'n Doodhou weg. Jul huise!

Saam met Benvolio af.

ROMEO. Dié man, die Prins se bloedverwant,

My troue vriend, is dodelik getref

Om my ontwil – my reputasie is beklad

Deur die tong van Tybalt – Tybalt wat 'n uur

My neef gewees het. O liewe Juliet,

Jou skoonheid het my week gemaak,

My moed se staal het in my luim versag.

Benvolio op.

BENVOLIO. O Romeo, Romeo, die dapper Mercutio is dood!

Sy moedige gees het wolkewaarts gevaar

Wat veels te vroeg die aarde hier geminag het.
ROMEO. Dié dag se donker lot tref ander ook:
'n Smart begin wat ánder sal moet delg.

Tybalt op.

BENVOLIO. Hier kom die driftige Tybalt trug.

ROMEO. Hy leef in sege, en Mercutio dood?

Uitsoekerige genade, wyk van my af.

Nou is die furie met sy oog van vuur my gids!

Kom, Tybalt, trek die „Slaaf” terug waarmee

Jy my gebrandmerk het; Mercutio se siel

Is nog nie ver verwyder bo ons hoof,

Hy wag op jou, dat jy hom vergesel.

Of jy, of ek, of albei, gaan met hom.

TYBALT. Vervloekte knaap, jy't hier met hom verkeer,

Jy sal ook met hom saam.

ROMEO. Dit word bepaal deur dí.

Hulle veg. Tybalt sterf.

BENVOLIO. Romeo, jy moet weg, gee pad!

Die burgers is opgeroep, en Tybalt dood.

Moenie nog staar. Die Prins sal jou veroordeel

As hul jou vang. Maak gou, gee pad, gaan weg!

ROMEO. Ek is die speelbal van die lot!

BENVOLIO. Wat wag jy nog?

Romco af, Burgers op.

BURGER. Waar het die doder van Mercutio gevlug?

Tybalt, die moordenaar, waarheen is hy?

BENVOLIO. Daar lê dié Tybalt.

BURGER. Kom saam met my, meneer.

In die Prins se naam beveel ek jou.

Prins, ou Montague, Capulet, hul vroue en ander op.

PRINS. Waar is die lae stokers van dié twis?

BENVOLIO. O edel Prins, ek kan dit als onthul,

Die droef verloop van dié noodlottige stryd.

Daar lê die man, deur Romeo gedood,

Wat u verwant, dapper Mercutio, vermoor het.

LADY CAPULET. Tybalt, my neef! My broer se kind!

O Prins! O neef! My man! Bloed is verspil

Van dié geliefde neef van my. O Prins,

Betaal dié bloed van ons met bloed van Montague.

O neef, my neef!

PRINS. Benvolio, wie het die bloedige twis begin?

BENVOLIO. Hy, Tybalt hier, gedood deur Romeo se hand.

Met sagte woord wou Romeo dat hy hom bedink

Oor so 'n nietigheid, hy't hom beroep
 Op u misnoeë. Dit alles – uitgespreek
 Met sagte stem, bedaarde blik, en knie gebuig –
 Kon die onstuimig drif nie laat bedaar
 Van Tybalt, doof vir vrede: en met sy swaard
 Het hy na moedige Mercutio se bors gestee;,
 Dié, ewe vurig, het sy eie swaard gepluk,
 Met een hand krygsveragtend na die koue dood
 Geslaan, en met die ander weer
 Na Tybalt teruggestuur, wat met vernuf
 Dit kéér. En Romeo roep luid:
 „Wag, vriende! Vriende, wag!” en vlugger as sy tong
 Met ratse arm hul swaarde neergeslaan
 En tussenin gespring; verby sy arm
 Tref 'n hatig hou van Tybalt toe die lewe self
 Van dapper Mercutio, en Tybalt vlug;
 Maar weldra kom hy trug na Romeo
 Wat pás maar eers op wraak kon sin.
 Soos weerlig is hul aanmekaar; voor ek
 My swaard kon pluk om hul te skei, was dapper Tybalt dood;
 En toe hy val, het Romeo gevlug.
 As dit nie waar is, mag Benvolio sterf.

LADY CAPULET. Hy is verwant aan Montague;
 Geneentheid maak hom vals, hy praat nie waar.
 'n Twintigtal was in die donker stryd
 En twintig saam kon maar één lewe neem.
 Ek eis geregtigheid, wat u moet gee.
 Romeo het Tybalt doodgemaak: en Romeo mag nie leef.

PRINS. Romeo het hom doodgemaak, en hý Mercutio.
 En wie skuld nou sy kosbaar bloed se prys?

CAPULET. Nie Romeo nie, Prins: hy was Mercutio se vriend;
 Sy daad sluit af wat die gereg moes neem:
 Tybalt se lewe.

PRINS. En oor daardie daad
 Word hy terstond deur ons van hier verban.
 Ek is betrokke in die wandaad van jul haat:
 Daar lê my bloed en uitbloei deur jul stryd;
 Maar ek sal jul so swaar hiervoor beboet
 Dat dié verlies van my jul almal sal berou.
 Vir pleite en verskonings is ek doof;
 Geen bid of trane sal dit af kan koop.
 Probeer dus nie. Laat Romeo hom haas,
 Want word hy opgespoor, is dit sy laaste uur.

Neem weg die lyk. Gehoorsaam my besluit.
Genade pleeg net moord deur doders te vergeef.
Af, gevolg deur die ander.

TONEEL II

Capulet se boord

Juliet op.

JULIET. Haas jul, vuurvoetige perde van die son,
Na Phoibos se verblyf; so 'n koetsier
Soos Phaëton sou jul na die Weste dryf
En daadlik nag met donker wolke bring.
Sprei uit jou dig gordyn, o nag wat liefde dien,
Dat vlugtling-oë sluit en Romeo
My arms ongesien en onbeskinder haal.
In die lig van eie skoonheid kan minnaars sien
Om liefdesplig te doen; of, is die liefde blind,
Dan hoort dit by die nag. Kom, hoflik nag,
Jy, streng geklede vrou in swart gehul,
Leer my hoe om 'n wenstryd te verloor,
Wat onbevleete maagd met maagd voltrek.
Verhul die ongetemde bloed wat in my wange roer
Met jou swart mantel, tot liefde wennig raak
In toneelspel self beskeidenheid ontdek.
Kom, nag; kom, Romeo; kom, jy, dag-in-nag;
Want jy sal op die nag se vleuels lê
Witter as nuwe sneeu op 'n raaf se rug.
Kom, sagte nag; kom, liewe, donker nag;
Gee my my Romeo; en as ek sterf,
Neem hom, kerf hom in sterre op,
Hy sal die hemeltrans so pragtig maak
Dat die wêreld op die nag verlief sal raak
En niemand meer die skel son sal vereer.
Ek het die huis van liefde aangekoop
Maar dit nog nie besit; ek is verkoop
Maar is nog nie geniet. So traag is hierdie dag,
Net soos die nag voordat 'n fees aanbreek
Vir 'n kind vol ongeduld, met 'n nuwe rok
Wat sy nog nie mag dra. Hier kom my Oppasster,
Oppasster met toue op.

En sy bring tyding; elke tong wat net
Maar Romeo noem, is hemels van welsprekendheid.
Toe. Vrou, wat is jou nuus? Wat het jy daar – die tou
Wat Romeo jou laat haal het?

OPPASSTER. Ja, ja, die tou.

JULIET. Ag tog! Die nuus? Wat wring jy so jou hande?

OPPASSTER. Helaas, helaas! Hy's dood, hy's dood, hy's dood!

Dit is verby met ons, my juffrou, dis verby!

Wee hierdie dag! Hy's weg, vermoor, hy's dood!

JULIET. Hoe kan die hemel dan so hatig wees?

OPPASSTER. Romeo kan,

Al kan die hemel nie. O Romeo, Romeo!

Wie sou dit ooit kon dink? O Romeo!

JULIET. Is jy 'n duiwel dat jy my so tart?

Dié foltring moet mens in die hel uitskree.

Het Romeo homself gedood? Sê „Ja”,

Dié blote klank sal erger gif bevat

As die dodelike oë van 'n baselisk.

As só 'n „Ja” bestaan dan is ek Nee,

Of anders is jy blind wat „Ja” durf sê.

Is hy gedood, sê „Ja”; en so nie, „Nee”.

Kort is die klank wat vreug of leed my gee.

OPPASSTER. Ek het die wond gesien, my eie oë het,

(Mag God behoed!) hier op sy jongmansbors.

'n Droewe lyk, 'n bloedig, droewe lyk;

Bleek, bleek soos as, besmeer met bloed,

Vol bloed. Dit het my flou laat word.

JULIET. O breek, my hart! O arm hart, breek nou!

En oë, gaan kerker toe: sien nooit weer vryheid nie!

O stof, keer trug tot stof; hou op beweeg,

Laat ek en Romeo op één baar rus!

OPPASSTER. O Tybalt, Tybalt, my heel beste vriend!

O hofflik Tybalt! Eerbaar jongeheer!

Dat ek moes leef om jou so dood te sien!

JULIET. Wat is die teëwind wat so heftig waai?

Is Romeo vermoor en Tybalt dood?

My liewe neef, my nog veel liewer heer?

Blaas dan die oordeelsdag, o groot trompet!

Wie bly nog leef as dié twee dood moet wees?

OPPASSTER. Tybalt is weg en Romeo is verban.

Romeo wat hom gedood het, is verban.

JULIET. O God! Het Romeo se hand sy bloed vergiet?

OPPASSTER. Hy het, hy het! Ag wee my, ja, hy het!

JULIET. O slangehart verskuil in so mooi gesig!

Het ooit 'n draak 'n grot só fraai bewoon?
O skoon tiran! O engeledemoon!
O duifgeveerde raaf! O lam met wolwe-aard!
Veragte kern wat so goddelik vertoon!
Teenoorgesteld van wat jy werklik skyn –
Vervloekte heilige, o eerbaar skurk!
Natuur, wat het jy in die hel gaan soek
Toe jy 'n duiwelsgees so fraai verhul
In die aardse paradys van so 'n skone lyf?
Was ooit 'n boek met sulke bose stof
So mooi gebind? O dat bedrog kan skuil
In so 'n pragtige paleis!

OPPASSTER. Geen trou,

Geen eerbaarheid is daar in mans: meinedig,
Vervloek, niksnuttig, en vol valsheid is die laaste een.
Ag, waar 's my kneg? Gee my tog brandewyn.
Dié smart en lyding en verdriet die maak my oud.
Mag skande Romeo oorval!

JULIET. Ek vloek jou tong

Oor so 'n wens! Vir skande was hy nooit bedoel.
Die skande self is skaam om hom te skend:
Hy is 'n troon waar eer gekroon moet word,
Alléénvors van die wêreld wyd.

Hoe boos van my dat ek hom kon verwyf!

OPPASSTER. Sê jy iets goeds van hom, die doder van jou neef?

JULIET. Durf ek dan kwaad spreek van my eie man?

Ag, arme heer van my, wie sal jou naam verskoon
As ek, drie uur met jou getroud, dit skend?
Maar waarom, slaaf, het jy my neef vermoor?
Oor daardie bose neef my man wou dood.
Terug, vergeefse trane, na jul bron!
Jul vogtigheid behoort tot smart
Wat jul verkeerdelik aan vreugde wy.
My man die leef, wat Tybalt wou vermoor;
En Tybalt is dood, hy wat my man wou dood.
Dis alles troos: wat huil ek dan?
Eger as Tybalt se dood, was daar 'n woord,
Wat my wou dood: ek wens ek kan vergeet;
Maar o, op my geheue lê dit swaar
Soos misdaad op 'n sondaar se gemoed!
„Tybalt is dood, en Romeo – verban.”
„Verban”: die één woord net: „verban”

Het duisend Tybalts al vermoor. Tybalt se dood
 Was ramp genoeg as dit die einde was;
 Of, as dan smart geselskap nog behoef
 En juis met ander smart gepaard moet gaan,
 Waarom dan nie laat volg op „Tybalt's dood”
 Dat ook my vader dood is, of my ma, of albei saam,
 Sodat gewone rou dit als kon dek?
 Maar nou volg daar 'n agterryer op sy dood:
 „Romeo is verban” – dié enkel woord
 Is vader, moeder, Tybalt, Romeo, Juliet,
 Almal vermoor en dood. „Romeo is verban” –
 Daar is geen end, geen grens, geen maat of perk
 In daardie woord se dood: geen woorde kan dit dra.
 Waar is my vader en my moeder, Vrou?

OPPASSTER. Aan 't huil en rou bedryf oor Tybalt se lyk.
 Wil jy na hulle gaan? Ek sal jou neem.

JULIET. Baai hul sy wonde met trane? Myne sal vloei
 As hulle opdroog, oor Romeo verban kon word.
 Tel op die tou. Arme tou, jy is verkul,
 Ja jy én ek, want Romeo is verban.
 Hy't jou gemaak, 'n hoofweg na my bed;
 Maar ek, 'n maagd, sterf maagdik weduwee.
 Kom, tou. Kom, Vrou. Kom neem my na my bruilofsbed.
 Die dood, nie Romeo nie, sal my onskuld dek.

OPPASSTER. Gaan na jou kamer. Ek, na Romeo
 Dat hy jou kan kom troos. Ek weet waar hy hom hou.
 Luister: jou Romeo sal vannag nog hierheen kom.
 Ek gaan na hom. Broer Lawrence hou hom in sy sel.

JULIET. O, spoor hom op! Gee aan my ridder hierdie ring
 En laat hom kom dat hy vir laas kan groet.
Albei af.

TONEEL III

Broer Lawrence se sel

Broer Lawrence op.

LAWRENCE. Romeo, kom uit. Kom uit, verskrikte mens.
 Die ramspoed is verlief op al jou deugde,
 Met ongeluk is jy voorwaar getroud.
Romeo op.

ROMEO. Vader, die nuus? Wat het die Prins beslis?

Met watter droefheid moet ek kennis maak
Waarvan ek nog nie weet?

LAWRENCE. My liewe seun,

Te oorbekend is jy met sulke bitter maats.
Ek bring berig van wat die Prins geoordeel het.

ROMEO. Sy oordeel is 'n Oordeelsdag vir my.

LAWRENCE. 'n Sagter uitspraak het aan sy mond ontsnap –
Jou liggaam moet nie dood, word net verban.

ROMEO. Verbanning? Wees my genadig en sê „dood”;
Daar's meer verskrikking in 'n ballingskap,
Veel meer as in die dood. O moenie sê „verban”.

LAWRENCE. Hier uit Verona is jy weggeban.
Geduldig nou, die wêreld is tog groot en wyd.

ROMEO. Buite die mure van Verona is daar niks,
Net vaevuur en foltering en die hel.
Van hier verban is uit die wêreld weggeban,
En verbanning uit die wêreld is die dood. „Verban”
Is net 'n bynaam van die dood. Noem dood „verbanning”,
Dis om my met 'n goudbyl te onthoof,
Te glimlag oor die slag wat my vermoor.

LAWRENCE. O dodelike sonde! Snood ondankbaarheid!
Die wet verg vir jou daad die dood; maar die goeie Prins,
Om jou ontwil, het wet opsy geskuif,
Die swart woord „dood” vervang met „ballingskap”.
Dit is genade, en jy sien dit nie.

ROMEO. Dis foltering, en nie genade. Die hemel's hier
Waar Juliet woon; en elke kat en hond,
En elke muisie, elke nietigheid,
Woon hier in die hemel en mag haar sien;
Maar Romeo mag nie. Meer waarde is daar dus,
Meer eer, meer kans om hof te maak,
In vullisvlieë as in Romeo. Húl mag
Die wonderwit van lieue Juliet se hand aanraak,
Onsterflike seën van haar lippe steel
Wat nog Vestaals en suiwer skugter is,
En bloos oor hul hul eie kusse sondig ag;
Maar Romeo mag nie, hy is verban.
'n Vlieg is dit veroorloof, ék moet vlug;
Húlle is vry, maar ek in ballingskap.
En dan sê u verbanning is nie dood?
Het u geen gif gereed of skerp geslypte mes,
Geen vlugge doodstuig, hoe gering ook al,
In stede van „verbanning” vir my dood – „verban”?

O Vader, die vervloektes in die hel sê daardie woord;
 Dit gaan gepaard met skreeu! Hoe't u die hârt,
 U wat biegvader en 'n godsman is,
 Vergewer van sondes en my vertroude vriend,
 Om met die woord „verbanning” my te moor?

LAWRENCE. Verspote malmens, luister dat ek praat.
 ROMEO. O, dis oor ballingskap dat u weer wil praat.
 LAWRENCE. Ek sal jou wapenrusting gee teen daardie woord;
 Soet melk wat teenspoed stil, en goeie raad
 Om jou te troos, al is jy dan verban.

ROMEO. Al weer „verban”! Weg met die goeie raad;
 Tensy beraad 'n Juliet voort kan bring,
 'n Stad verskuif, 'n Prins se oordeel wend,
 Is dit vergeefs en hopeloos. Moet niks meer sê.

LAWRENCE. Ek sien dat malles sonder ore is.
 ROMEO. En waarom nie, as wyses sonder oë is?

LAWRENCE. Vergun dat ek jou staat met jou bespreek.
 ROMEO. U kan nie spreek oor dit wat u nie voel.
 Was u so jonk soos ek, en Juliet u geliefde,
 'n Uur getroud, en Tybalt doodgemaak,
 Verlief soos ek, en ook soos ek verban,
 Dán mog u praat, dan mog u hare uittrek
 En neerval op die grond, soos ek,
 Om 'n ongemaakte graf se maat te neem.
Oppasster klop.

LAWRENCE. Staan op, want iemand klop. Toe Romeo, kruip weg.
 ROMEO. Nie ek nie, nee. Laat maar die wasem van my smart
 Soos mis my teen die soekersoë skuil.
Klop.

LAWRENCE. Hoor hoe hul klop! Wie's daar? Romeo, staan op;
 Jy gaan gevang word. – Ek kom! – Staan op;
Klop.
 Gaan na my voorkamer. – Wag eers! – Ag, God,
 Wat is jy tog so gek? – Ek kom, ek kom!
Klop.
 Wie klop so hard? Vanwaar is u? Wat wil u hê?
Oppasster op.

OPPASSTER. Laat my net binne, dan sal jy alles hoor.
 Ek kom van Lady Juliet.

LAWRENCE. Wees welkom dan.
 OPPASSTER. Ag, monnik, sê my, heilige monnik,
 Waar is die meester van my juffrou tog, waar's Romeo?

LAWRENCE. Daar op die grond, dronk van sy eie trane.

OPPASSTER. O dis ter wille van my meesteres,
En net om háár! O droewe medelye!
O hartseer lot! Ook sy lê uitgestrek
En kerm en huil, en huil en kerm.
Staan op, staan op! Verrys, wys jy's 'n man.
Om Juliet se ontwil, staan op, orent!
Waarom moet jy in so 'n diepte sink?

ROMEO (*Staan op*). Vrou –

OPPASSTER. Ag, meneer. Ag tog, meneer! Die dood beëindig als.

ROMEO. Praat jy van Juliet? En hoe is sy gesteld?

Sien sy my nie as 'n geharde moordenaar
Noudat ons blydschap in sy jeug besoedel is
Deur bloed so ná verwant aan dié van haar?
Waar's sy? Hoe voel sy? En wat sê
My verborge lief van ons verbreekte liefde?

OPPASSTER. O sy sê niks, my heer: sy huil en huil;
Stort op haar bed en staan weer op,
Roep Tybalt; roep dan weer vir Romeo,
En val weer neer.

ROMEO. Asof dié naam

Gevuur uit die moorddadig loop van 'n geweer
Haar doodgemaak het; soos dié vervloekte hand
Haar neef gedood het. O sê my, Vader, sê
In watter bese deel van hierdie liggaam huis
Die naam? Sê my dat ek tog die gehate plek
Kan uitwis.

Wil homself doodsteek, maar die Oppasster neem die dolk af.

LAWRENCE. Hou trug jou desperate hand.

Is jy 'n man? Jou lyf getuig daarvan;
Jou trane's vroulik, en jou wildheid dui
Die redelose furie van 'n dier.

O vrou wat voorkom in die voorkoms van 'n man,
Voorkóm die dier wat in hul saambestaan.

Jy't my verwonder. Ek sweer by my geloof
Ek het meer redelikheid in jou verwag.

Jy't Tybalt doodgemaak? Wil jy jouself vermoor?

Wil jy die vrou vermoor wat in jou lewe leef
Deur hierdie haat nou teen jouself te keer?

Waarom vloek jy jou herkoms, hemel en aarde, als?

Want herkoms, hemel en aarde, die bestaan

Al drie tesaam in jou, wat jy nou wil ontdoen.

Skaam jou, want jy beskaam jou lyf, jou liefde, jou verstand –

Jy, rykaard, wat so 'n oorvloed daarvan het

En wat die ware doel versuim wat heiliging
 Verleen aan daardie lyf en liefde en verstand.
 Jou edel lyf dié is gemaak van was
 Wat afwyk van 'n man se deugszaamheid;
 Meinedig is die liefde wat jy trou gesweer het,
 Deur dit te dood wat jy beloop het om te eer;
 En jou verstand, die tooisel van jou liefde en jou lyf,
 Verwonge in die uitvoer van sy taak,
 Word nou soos kruit in 'n swak soldaat se bus
 Deur eie onvermoë aan die brand gesteeke
 En jy vermink deur wat jou moes beheers.
 Kom, ruk jou reg! Jou Juliet leef nog
 Om wie se ontwil jy jou so pas wou dood.
 Dis 'n geluk. Tybalt wou jou vermoor,
 Maar jy het hóm gedood. Dís 'n geluk.
 Die wet, wat dreig met dood, versag sy hart
 En maak dit ballingskap. Dís 'n geluk.
 'n Las van seën het op jou rug beland;
 Geluk dié lag jou toe met volle tooi;
 Maar soos 'n stuurse meisie wat haar swak gedra,
 Wil jy jou liefde en geluk verwerp.
 Pasop, pasop, diésulkes sterf ellendig.
 Haas jou nou, soos bestem is, na jou lief,
 Gaan vort, gaan na haar kamer, gee haar troos.
 Maar sorg dat jy nie bly tot brandwagtyd,
 Want dan kan jy nie meer verby na Mantua
 Waar jy gaan bly totdat die tyd aanbreek dat ons
 Jou troue bekend maak, en jou vriende versoen,
 Genade by die Prins kan vra, en jou ontbied
 Met twintigduisend keer meer vreugde
 As wat jy hiervandaan bedroef vertrek het.
 Gaan jy vóór, Vrou. Begroet jou meesteres,
 Vra haar om almal na hul bed te stuur,
 Wat hul uit sware droefheid graag sal doen.
 Romeo is op pad.

OPPASSTER. Ag Heer, ek sou die heelnag hier kon bly
 Om goeie raad te hoor. Wat is geleerdheid tog!
 My heer, ek sal my juffrou sê u kom.

ROMEO. Gaan na my lief: laat sy gereedmaak om my te betig.
Oppasster maak aanstalte om te gaan, en draai weer om.

OPPASSTER. My heer, dié ring, het sy gesê, moet ek u gee.
 Maak gou en haas u, want dit word al laat.
Af.

ROMEO. Hoe stel dit alles my opnuut gerus!

LAWRENCE. Gaan nou, tot siens: só staan jou hele saak:

Gaan vort voordat die nag se brandwag kom,

Of wag tot dagbreek om vermom te vlug.

Bly oor in Mantua. Ek sal jou kneg opsoek,

En hy sal jou van tyd tot tyd laat weet

Als wat hier in jou guns nog mag gebeur.

Gee my jou hand. Dis laat. Vaarwel; goeienag.

ROMEO. As dit nie was dat so 'n vreug-bo-vreugde op my wag,

Sou dit my pyn aandoen om só van u te skei.

Vaarwel.

Af.

TONEEL IV

'n Kamer in die woning van Capulet

Ou Capulet, sy vrou en Paris op.

CAPULET. Met al die teenspoed, heer, wat ons getref het,

Had ons geen tyd om met ons kind te praat.

Kyk, sy was baie lief vir haar neef Tybalt,

Ek ook. Nou ja, ons is vir sterf gebore.

Dis baie laat: vanaand kom sy nie na benede.

Was jy nie hier nie, dit verseker ek,

Dan was ek self 'n uur gelede in die bed.

PARIS. Die tyd van smart bederf die sake van die hart.

Madame, goeienag. Sê groete aan u dogter.

LADY CAPULET. Ek sal so maak, en môre vroeg weet hoe sy voel;

Vannag is sy met droefheid ingekluister.

CAPULET. Heer Paris, kyk, ek durf dit waag om namens haar

Haar liefde aan te bied. Ek meen sy sal

Haar sin in alles na my skik: ek glo dit vas.

My vrou, gaan jy na haar voor jy gaan slaap;

Verwittig haar dat Paris hier, my seun, haar min

En vra dat sy op Woensdag (luister jy?) –

Maar wag! Wat is vandag?

PARIS. Dis Maandag, heer.

CAPULET. Maandag! Ek sien. Woensdag is dan te vroeg.

Ons maak dit Donderdag – sê haar op Donderdag

Trou sy en hierdie edel hertog met mekaar.

Geval dit jou? Hou jy van hierdie haas?

Net 'n klein geselligheid – 'n vriend of twee,

Want Tybalt is so onlangs dood dat ons
 Nie onverskillig voor die wêreld wil vertoon
 Deur fees te vier ná 'n verwant se dood.
 Ons sal 'n handvol vriende nooi, en dit
 Is al. Maar stem jy saam oor Donderdag?
 PARIS. As Donderdag maar môre sou kon wees!
 CAPULET. Gaan dan. Op Donderdag vind dit plaas.
 Gaan jy na Juliet voordat jy gaan slaap;
 Berei haar op die troudag voor, my vrou.
 Vaarwel, my heer. – Lig na my kamer, ho!
 Gaan my vooruit. Dis al so laat, so laat,
 Dat dit al byna vroeg is. Goeienag.
Almal af.

TONEEL V

Capulet se boord

Romeo en Juliet op die balkon op.

JULIET. Wil jy al gaan? Dis nog nie naby dag.
 Dit was die nagtegaal, en nie die leurik nie,
 Wat die vreesbevange holte van jou oor deurboor.
 Op dié granaatboom sing hy nag vir nag.
 Glo my, my lief, dit was die nagtegaal.
 ROMEO. Dit was die leurik wat die dag begroet,
 Geen nagtegaal: Kyk, lief, hoe die jaloerse streep
 Die drywende wolke in die Ooste raam.
 Die nag se kerse is uit, die blye dag
 Die trippel op die mistig berg se kruin.
 Ek moet vertrek en leef, of bly en sterf.
 JULIET. Dit is geen daglig daardie nie: ek ken dit, ek.
 Dít is 'n meteor wat die son afgee
 Om 'n fakkelt hierdie nag vir jou te dra
 En jou die pad na Mantua te wys.
 Bly dus: jy hoef nog nie te gaan.
 ROMEO. Laat hul my neem, en laat hul my onthoof.
 Jy wil dit so en ek berus daarby.
 Die gryns daar, sal ek sê, is nie die dag se oog
 Maar net die bleek weerskynsel van die maan;
 En dit is ook die leurik nie wat daar so hoog
 Sy note in die hoë hemel bo ons sing.

Kom, dood, en wees gegroet! Juliet wil dit so.
Wat is dit dan, my lief? Gesels: dis nog nie dag.
JULIET. Dit is, dit is! Haas jou, gaan weg, maak gou!
Dit is die leeurik wat so vals daar sing,
Wat wanklanke voortbring op skelle toon.
Hul sê die leeurik skei sy note soet:
Maar dis onwaar, want hy bring skeiding tussen óns.
Hul sê die leeurik en die padda kan oë ruil:
Ek wens dit kon met stemme ook gebeur,
Waar dié stem een bang arm van 'n ander skeur,
Om jou luid skallend deur die dag te jag.
O, jy moet gaan! Al ligter, ligter word dit nou.
ROMEO. Al ligter, ligter, ja – al donkerder ons rou.
Oppasster op.

OPPASSTER. Juffrou!

JULIET. Wat makeer?

OPPASSTER. Jou moeder is op pad hierheen.

Dis dag; wees op jou hoede en pasop!

Af.

JULIET. Laat dan die daglig, venster, in; en lewe uit.

ROMEO. Vaarwel, vaarwel! Een soen, en ek klim uit.

Hy klim ondertoe.

JULIET. Is jy al weg, my heer, my lief, my minnaar-man?

Op elke dag van elke uur moet jy laat weet,

Want o, in 'n minuut is daar so baie dae.

Op hierdie wyse sal ek jare ouer wees

Voor ek opnuut my Romeo durf sien!

ROMEO. Vaarwel.

Ek sal geen enkel kans versuim

Om groete aan jou te stuur, my lief.

JULIET. Dink jy ons sal mekaar ooit weer ontmoet?

ROMEO. Ek twyfel nie; en als wat ons nou ly,

Sal soet klink as ons later daarvoor praat.

JULIET. Ag, God, my siel vermoed net onheil vorentoe!

Dis of ek jou, so ver daaronder, sien,

Net soos 'n dooie rustend in 'n graf.

Of ek sien swak, of jy is baie bleek.

ROMEO. Glo my, my lief, so lyk jy ook vir my.

Die dorstig lyding drink ons bloed. Vaarwel, vaarwel!

Af.

JULIET. O lot, o lot! Hul noem jou wispelturig.

As jy dit is, wat het jy dan te doen

Met hom, bekend vir trou? Wéés wispelturig, lot,

Dan durf ek hoop jy hou hom nie te lank
Maar stuur hom spoedig trug.

Lady Capulet op.

LADY CAPULET. My dogter! Slaap jy nie?

JULIET. Wie roep? Dit is voorwaar my moeder.

Gaan slaap sy laat, of is sy vroeg al op?

En watter ongewone doel bring haar na my?

LADY CAPULET. Maar wat makeer tog, Juliet?

JULIET. Ek voel nie te gesond.

LADY CAPULET. Ween jy nog altyd oor jou neef se dood?

Wil jy met trane uit sy graf hom spoel?

Selfs as jy kon, kon jy hom nie laat lééf.

Hou dus maar op. Daar's smart wat baie liefde toon;

Maar te veel smart verraaï verstandsgereb.

JULIET. Laat my tog huil oor só 'n gevoelige verlies.

LADY CAPULET. Só voel mens die verlies, maar nie die vriend

Wat jy beween.

JULIET. As die verlies my so ontroer

Kan ek nie anders as oor hom te ween.

LADY CAPULET. Hoe seer jy ook sy dood beween,

Die skurk wat hom vermoor het, leef.

JULIET. Wie is die skurk dan, Moeder?

LADY CAPULET. Die skurk is Romeo.

JULIET (*Tersy*). Tussen 'n skurk en hom is daar 'n breë kloof. –

God begenadig hom. Soos ek, van ganser harte;

Tog treur ek nie oor só 'n man.

LADY CAPULET. Dis omdat die verraaier, moordenaar lééf.

JULIET. Ja, Moeder, onbereikbaar vir my hand.

Ag, kon die wraak maar net by my berus!

LADY CAPULET. Wraak sal ons neem, wees maar gerus.

En hou op huil. Ek stuur 'n man na Mantua

Waar dié verbanne renegaat hom hou,

Om hom 'n vreemde middel in te gee

Wat hom weldra by Tybalt sal beland;

Dan, hoop ek, sal jy weer tot ruste kom.

JULIET. Ek sal voorwaar nooit weer tot rus kan kom

Voordat ek Romeo sien – o dood.

Dit is my hart oor hierdie bloedverwant.

Moeder, as u net maar 'n kneg kan vind

Om gif te dra: ek sal dit self versorg,

Dat Romeo by ontvangs daarvan weldra

Sal rustig slaap. My hart kan nie verduur

Dat ek sy naam moet hoor en hom nie by kan kom

Sodat sy lyf die drif kan voel wat ek

My neef toedra wat hy vermoor het nie.

LADY CAPULET. As jy die middel kry, sal ek sorg vir 'n kneg.

Maar nou bring ek 'n blye boodskap, kind.

JULIET. Daar is gebrek aan blydschap in dié tyd.

Wat is u tyding, Moeder, sê?

LADY CAPULET. Jou vader is besorg oor jou, my kind;

Om jou bedruktheid vir jou op te hef,

Het hy 'n dag van skielike geluk beplan

Wat jy nie kon voorsien het of verwag.

JULIET. Die tyd is goed gekies. Wat is dié dag?

LADY CAPULET. Kyk, kind, Donderdagnôre vroeg,

Gaan die dapper, jong, gesiene edelman,

Die hertog Paris, in Sint Pieterskerk,

Jou vreugdevol tot 'n blye bruid verhef.

JULIET. By die Sint Pieterskerk en by Sint Pieter ook,

'n Blye bruid sal hy nie van my maak!

Sy haas verwonder my, dat ek moet trou

Voor hy wat my wil hê, my self die hof kan maak.

Gaan sê u aan my heer en vader, Moeder,

Ek trou nog nie: en as ek moet, sweer ek,

Dan is dit eerder Romeo wat ek haat

As hierdie Paris. Dis inderwáárheid vir my nuus!

LADY CAPULET. Hier kom jou vader. Sê hom dit self,

En kyk hoe hy dit uit jou hand aanvaar.

Capulet en Oppasster op.

CAPULET. Met die son se ondergang, dan drup die aarde dou,

Maar vir my broer se seun se sononder

Is dit reën wat stort.

En toe, my kind? 'n Waterpyp? Huil jy nog steeds?

En stort die trane? Die een klein liggaampie

Huisves 'n skuit, 'n see, 'n wind:

Jou oë, soos 'n see, die eb en vloeï

Met trane steeds; jou liggaam is die skuit

Op daardie sout gety; die wind jou sugte,

Wat met jou trane tier, soos dié met hul,

Sonder verposing van 'n skielike stilte

Wat jou stormgeteisterde lyf oorval. Toe, vrou?

Het jy aan haar gesê wat ons besluit het?

LADY CAPULET. Ek het: maar sy sê nee, en sy bedank daarvoor.

Sy sou, dink ek, veel eerder met haar graf wou trou!

CAPULET. Wag! Maak dit eers vir my duidelik, vrou.

Sy wil niks weet? Sy's ons nie dankbaar nie?

Is sy nie bly? Beskou sy haar nie as geseën,
 Onwaardig soos sy is, dat ons kon reël
 Dat só 'n edelman haar neem as bruid?

JULIET. Bly is ek nie, maar dankbaar wel.
 Bly kan ek nooit wees nie oor wat ek haat,
 Maar dankbaar selfs oor haat wat liefde dui.

CAPULET. Wat se logika is dit? En wat makeer nou? Wat?
 „Bly” – en „dankbaar” – en „bedank daarvoor” –
 En tog „nie bly nie”? Juffrou Vermetelheid,
 Bedank my nie met jou soort dank, en sluk jou „bly”;
 Berei jou lyfie voor vir Donderdag,
 Gaan saam met Paris na Sint Pieterskerk,
 So nie, laat ek jou soontoe sleep,
 Jou bleek-siek lyk! Roer jou, jou teef!
 Jou doodsgesig!

LADY CAPULET. Skaam jou! Is jy nou gek?

JULIET. My liewe vader, op my knieë soebat ek,
 Hoor my geduldig aan dat ek iets sê.

CAPULET. Nee wag, klein teef! En ongehoorsame slet!
 Luister na my – jy's Donderdag in die kerk
 Of nooit weer kyk jy in my oë nie.
 Bly stil, sê niks, moet my nie antwoord nie!
 My hande jeuk. My vrou, ons kon beswaarlik sê
 Ons was geseënd met net 'n enkele kind van God;
 Nou sien ek hierdie een is een te veel,
 Om haar te hê, dit is ons vloek.
 Gee pad nou, niksnuts!

OPPASSTER. God in sy hemel mag haar seën!
 U dra die blaam dat u haar so durf skel.

CAPULET. En waarom, Vrou-van-Wysheid? Bly jy stil,
 Raadgeefster! Gaan skinder by jou soortgenote, loop!

OPPASSTER. Daar's geen verraad in wat ek sê.

CAPULET. Genoeg, skei uit, en loop.

OPPASSTER. Mag mens niks sê nie?

CAPULET. Stil, jou pruttelende swaap!
 Gaan praat jou praatjies oor 'n skinderbak,
 Hier het ons dit nie nodig nie.

LADY CAPULET. Jy is te kwaai.

CAPULET. By die brood van God! Dit maak my gek.
 Deur dag en nag, uur en gety en tyd, deur werk en spel;
 Allenig, in geselskap, was my sorg altyd
 Om haar getroud te kry; en nou, met hier
 'n Edelman van hoë bloed,

Oormatiglik, sê hul, bedeed met deug,
 'n Man soos mens dit skaars kon droom –
 Nou kom 'n lawwe, kermende klein gek,
 'n Klaagsiek nikswerd, deur die lot geraak,
 En sê: „Ek sal nie trou; en liefhê kan ek nie;
 Ek is te jonk, vergeef my, smee ek u”!
 As jy nie trou: kík hoe ek jou vergeef!
 Wei waar jy wil, by my sal jy nie bly.
 Dink goed, dink ná: ek maak nie grappies nie.
 Dis byna Donderdag: lê hand op hart, oorweeg:
 As jy van my wil wees, gee ek jou aan my vriend;
 So nie, gaan bedel, lê en vrek op straat,
 Want by my siel, vir jou aanvaar ek nie,
 Niks goeds sal jy van myne ooit ontvang.
 Reken daarop, bedink jou goed: teen mý gaan niemand in.
Af.

JULIET. Skuil daar dan nie meelye in die wolke nie
 Wat tot die bodem van my smart kan sien?
 O lieue Moeder, moet my nie verwerp!
 Stel hierdie troue uit, 'n maand, 'n week;
 So nie, maak dan my bruilofsbed
 In daardie donker tombe waar Tybalt lê.

LADY CAPULET. Praat nie met my, want ek sê nie 'n woord.
 Doen soos jy wil, want ek is klaar met jou.
Af.

JULIET. O God! – O Vrou, hoe gaan ons dit vermy?
 My man is op die aarde, my eed daarbó.
 Hoe kan die eed terugkeer na die aarde
 Tensy dié man dit uit die hemel stuur
 Deur self die aarde te verlaat? Gee troos, gee raad.
 Ag wee my, wee, dat die hemel beproewing stuur
 Na so 'n sagte mens soos ek!
 Wat sê jy tog? Het jy geen woord van blydskap nie?
 Ag troos my, Vrou.

OPPASSTER. Nou goed dan, hier is dit.
 Romeo is verban. Ek wed die wêreld teen glad niks
 Dat hy nooit openlik vir jou durf konfronteer:
 As hy sou kom, moet hy dit suutjies doen.
 Terwyl die saak dan staan soos dít,
 Dink ek jy moet die Hertog trou.
 O hy's 'n waardige edelman!
 'n Vadoek is Romeo teen hom. Geen arend, juffroutjie,
 Het 'n oog so groen, so vlug, so skoon soos hy,

Dié Paris, het. By my ganse hart sweer ek
Jy tref dit goed met hierdie tweede man,
Dis beter as jou eerste; en is dit nié,
Dan is jou eerste dood – of ewe goed
Asof hy hier sou wees en jy hom nie kon sien.

JULIET. Praat jy nou uit jou hart?

OPPASSTER. En uit my siel ook, dit sweer ek.

JULIET. Amen!

OPPASSTER. Wat?

JULIET. Jy het my wonderlik getroos.

Gaan sê my moeder ek is weg,

Oor ek my vader ontstel het, na Lawrence se sel,

Om daar te bieg en sy vergiffenis te kry.

OPPASSTER. Dit sal ek doen; hoe wys van jou.

Af.

JULIET. Vervloekte ou wyf! O bose duiwel!

Is dit meer sonde dat sy só my woord wil breek

As dat sy hom nou vloek met daardie selfde tong

Waarmee sy hom al soveel duisend keer

Geloof het? Gaan, raadgeefster!

Voortaan is jy geskeie van my hart.

Ek gaan na die priester om sy raad te vra.

As als misluk, kan ek my deur die dood bevry.

Af.

VIERDE BEDRYF

TONEEL I

Broer Lawrence se sel

Broer Lawrence en Hertog Paris op.

LAWRENCE. Donderdag, my heer? Die tyd is baie kort.

PARIS. My vader Capulet begeer dit so,

Ek sal sy haas nie deur versuim vertraag.

LAWRENCE. U sê u weet nie hoe die dame voel.

Dis onreëlmatig, hierdie weg, en staan my glad nie aan.

PARIS. Oor die dood van Tybalt ween sy buitensporiglik,

Daarom had ek min kans om liefde te bespreek;

In 'n huis van trane glimlag Venus nie.

Nou sien haar vader daar gevare in

Dat sy haar smart te veel laat hoogty vier,

En wyslik wil hy nou ons huwelik verhaas

En daarmee die oorstroming van haar trane keer

Wat, steeds vererger deur allenigheid,

Deur ander mense opgehef mag word.

En nou ken u die rede vir dié haas.

LAWRENCE (*Tersy*): Ek wens ek wis nie waarom dit vertraag moet word.

Maar kyk, my heer, hier kom die dame aan.

Juliet op.

PARIS. Ek is verheug, my dame en my vrou.

JULIET. Dit sou mag wees, my heer, wanneer ek vrou mag wees.

PARIS. Dié „mag”, beminde, móét op Donderdag.

JULIET. Dit wat moet wees, sal wees.

LAWRENCE. Dis 'n gewisse woord.

PARIS. Het jy jou bieg kom aflê voor die vader?

JULIET. Om dit te antwoord, moet ek voor u bieg.

PARIS. Ontken tog nie aan hom dat jy my liefhet nie.

JULIET. Ek sal aan u bely dat ek hom liefhet.

PARIS. So sal jy ook bely, weet ek, jy het my lief.

JULIET. As dit so is, sal dit meer waarde hê,

Dat ek dit agter u as voor u sê.

PARIS. Arme mens, die huil het jou gesig verweer.

JULIET. Dan het die trane weinig wins behaal,

Want dit was erg genoeg vóór hul bederf.

PARIS. Jou woorde skaad dit meer as enige traan.

JULIET. Die waarheid, heer, is nooit net praatjies nie;

En my woorde sê ek in my eie gesig.

PARIS. Maar jou gesig is myne, en dit het jy beledig.

JULIET. Dit sou mag wees, want myne is dit nie.

Het u nou tyd vir my, geseënde vader,

Of moet ek ná die Aandmis na u kom?

LAWRENCE. Die tyd is nou geleë, bedagsaam kind;

Vergun ons ons privaatheid, heer.

PARIS. Mag God behoed dat ek gebed versteur!

Juliet, vroeg Donderdag sal ek jou kom wek.

Tot dan, vaarwel. Bewaar nou dié gewyde kus.

Af.

JULIET. Maak toe die deur, en as u daarmee klaar is,

Huil saam met my – met hoop en redding en met hulp verlore.

LAWRENCE. O Juliet, ek ken alreeds jou smart;

Die leed daarvan gaan my begrip te bó.

Ek hoor jy moet, en niks kan dit ontdoen,

Op Donderdag met hierdie hertog trou.

JULIET. Sê my nie, Vader, dat u dit reeds weet,

Tensy u my ook sê hoe ek dit kan vermy.

As in u wysheid u my nie kan help,

Bevestig dan die wysheid van my eie besluit,

Dat ek met hierdie mes dit dadelik verhelp.

God het my hart aan Romeo verbind en u my hand;

En eerdag hierdie hand, deur u met Romeo s'n verseël,

Opnuut 'n ander eed beaam,

Of dat my hart verraderlik omkeer

En na 'n ander wend, laat dit hul albei dood.

Gee uit die ondervinding van u ouderdom

My daarom raad vandag; of so nie, kyk,

Tussen my ncod en my sal dié bebloede mes

Die saak besleg, en arbitreer

Wat die gewig van al u jare en kuns

Nie eerbaar tot 'n antwoord of besluit kon bring.

Versuim tog nie met praat. Ek hunker om te sterf

As wat u sê geen oplossing kan bring.

LAWRENCE. Wag, dogter, wag. Ek sien 'n vorm van hoop,

Wat hom op so 'n desperate daad verlaat

As die ewe desperate lot wat ons wil my.

As jy die wilskrag het om jou self dood te maak

Eerder as om met hertog Paris te gaan trou,

Sal jy waarskynlik iets durf onderneem,

Gelyk aan sterwe, om die skande te ontwyk.

'n Daad wat met die dood beraad hou om dit te ontvlug.
En as jy dit sou durf, dan het ek raad.

ULIET. O sê my ek moet, eerder as met Paris trou,
Bo van die loopgang van 'n toring spring,
Of langs 'n pad vol rowers loop; gebied my om te skuil
Waar slange tuishou; o ketting my by bere vas,
Laat my oornag bly in 'n dodehuis,
Begrawe onder ratelende doodsgebeente,
Klam skenkels en geel skedels sonder kaak;
Beveel my om 'n vars graf in te gaan
En berg my met 'n dooie in sy kleed –
Als wat my net van blote hoor laat bewe –
Dit sal ek sonder vrees of twyfel doen
Om onbevlek my lief se vrou te bly.

LAWRENCE. Wag dan. Gaan trug, wees vrolik, en stem in
Om Paris se vrou te word. Dis môre Woensdag.
Sorg dat jy môrenag alleng slaap,
Hou jou Oppasster uit jou kamer weg.
Neem dan dié flessie, in die bed,
En drink dié afgetrekte vloeistof uit.
Weldra sal dit deur al jou are sprei,
'n Loom en koue luim; geen pols sal in jou klop
Soos vantevore, en alles sal verstil;
Geen warmte of asem sal getuig jy leef;
Die bloesem van jou wange en jou mond sal bleik
Tot bleke as; die vensters van jou oë val
Soos luike van die dood wat dag afsluit;
En elke lid, ontgaan van soepele beheer,
Sal styf en strak en koud soos dood vertoon;
In dié geleende voorkoms van die dood
Sal jy 'n twee-en-veertig uur bly lê
En dan weer wakker word soos uit 'n soete slaap.
Kom dan jou bruidegom in die voordag aan
Om jou uit slaap te wek, dan lê jy dood.
En soos gebruiklik in ons wêreld is,
Word jy in jou mooiste klere op 'n baar, ontbloot,
Na daardie selfde kelder weggedra
Waar al die Capulets se mense rus.
Intussen, lank voordat jy wakker word,
Sal Romeo per brief ons plan verneem
En hierheen kom; en hy en ek sal oor
Jou wakkerword kom waak; dieselfde nag
Sal Romeo jou na Mantua vervoer.

Só word jy uit die skande van vandag bevry,
 Tensy 'n vrouevrees of wispelturig luim
 Jou moed uitkalwer voor jy dit kan doen.
JULIET. O gee my, gee! Praat nie met my van vrees!
LAWRENCE. Wag! Gaan nou, wees sterk en vasberade
 In jou besluit. Ek stuur 'n priester haastig weg
 Na Mantua, met briewe aan jou heer.
JULIET. Die liefde gee my krag, en krag sal hulp verleen.
 Vaarwel, my lieue vader.
Af.

TONEEL II

'n Saal in Capulet se woning

Capulet, Lady Capulet, Oppasster en enkele bediendes op.

CAPULET. Nooi al die gaste wat hier neergeskrywe is.

'n Bediende af.

Jy, kêrel: huur twintig kundige kokke vir my huis.

BEDIENDE. Hulle sal almal eersteklas wees, meneer; want ek sal
 vooraf seker maak dat hulle hul vingers kan aflek.

CAPULET. Wat se soort toets is dit?

BEDIENDE. Kyk, meneer, dit moet 'n sleg kok wees wat nie sy eie
 vingers kan aflek nie. En die man wat nie sy vingers kan aflek nie,
 kom net nie saam met my nie.

CAPULET. Gaan, haas jou.

Bediende af.

Ons sal maar gordels inkort hierdie keer.

En is my dogter toe na Broeder Lawrence weg?

OPPASSTER. Ja, sy is.

CAPULET. Miskien kry hy iets goeds aan haar gedoen.

'n Eiesinnige niksnuts is wat sy is.

Juliet op.

OPPASSTER. Hier kom sy opgewek van bieg terug.

CAPULET. En toe, my hardekop? Waar het jy rondgedraai?

JULIET. Waar ek berou kon leer vir al my sonde

Van opstand, ongehoorsaamheid

Teen u en teen u wense; ek is beveel

Deur Broeder Lawrence om op my knieë te val

En u vergiffenis te vra. Ek smEEK: vergewe my!

Van nou af is ek onderdanig aan u wil.

CAPULET. Ontbied die Hertog. Laat hom hiervan weet.

Teen môreoggend word dié band geknoop.

JULIET. Ek het die jonge heer by Lawrence reeds ontmoet

En na behore my liefde aan hom betuig

Maar sonder om die grens van skugterheid oor te steek.

CAPULET. Nou ja, ek is verheug. Dis goed. Staan op.

So hoort dit mos. Ek wil die Hertog spreek.

Ja, gaan, sê ek, en bring hom hiernatoe.

Ek sweer, voor God, aan dié eerwaarde monnik

Is hierdie ganse stad veel dank verskuldig.

JULIET. Vrou, kom jy na my kamer met my saam

Dat ons die tooisels uit kan soek wat nodig is

Om môre na jou sin my te versier?

LADY C. Nee, eers Donderdag. Daar's tyd genoeg.

CAPULET. Gaan, Oppasster, gaan saam met haar. Dis môre kerk.

Juliet en Oppasster af.

LADY C. Ons gaan tekort hê aan ons voorrade.

Dis byna nag.

CAPULET. Toe maar, ek sal my roer,

En als sal regkom, dit beloof ek, vrou.

Gaan jy na Juliet, help haar verklee.

Vannag gaan ek nie slaap; laat my alleen.

Dié één keer sal ek huisvrou speel. Ek sê!

Hul's almal vort. Nou ja, dan stap ek self

Na hertog Paris, om gereed te maak

Vir môre. My hart is wonderlik verlig

Oor dié halsstarrige kind haar so bekeer het.

Saam met sy vrou af.

TONEEL III

Juliet se slaapkamer

Juliet en Oppasster op.

JULIET. Ja, dis die beste klere dié; maar, liewe vrou,

Ek vra jou: laat my tog vannag alleen.

Ek het behoefte aan baie bid

Sodat die hemel my met guns bejeën,

Want ek, dit weet jy self, is boos en vol van sonde.

Lady Capulet op.

LADY C. Lyk my jy's besig, nè? Kan ek jou help?
JULIET. Nee, Moeder; die nodigste is klaar gedoen

Wat vir die praal van môre gedoen moet word.

Dus vra ek u om my alleen te laat:

Die Oppasster kan by u waak vannag;

Want ek is seker u het al u hande vol

Met dié so onverwagte doenigheid.

LADY C. Goeienag.

Gaan slaap, en rus; jy het dit baie nodig.

Moeder en Oppasster af.

JULIET. Vaarwel! God weet wanneer ek hul weer sien.

'n Vae, koue vrees roer in my are,

Wat byna al die lewenswarmte bevries.

Ek moet hul trugroep om my te kom troos.

Vrou! – Maar wat moet sy hier doen?

My bitter spel moet ek alleen uitspeel.

Kom, flessie.

En sê nou hierdie mengsel wil nie werk?

Moet ek dan môreoggend trou?

Nee, nee! Dít sal dit keer. Lê daar.

Plaas 'n dolk neer.

Sê nou die monnik het 'n gif berei

Om suutjies in te gee dat ek moet sterf,

Om te voorkom dat hierdie troue hom oenteer

Oor hy my reeds met Romeo verbind het?

Ek vrees dit is; tog dink ek ook nie so,

Want altyd het hy nog sy heiligheid bewys.

Sê nou, as ek daar in die tombe lê,

Ek word weer wakker voordat Romeo

My kan kom red? Dít is skrikwekkend!

Sal ek nie doodsmoor in die kelder nie

Waar vars lug deur die vuil bek nooit na binne dring,

En dood daar lê voordat my Romeo kom?

Of as ek sou bly leef, is dit nie waarskynlik nie

Dat die vreeslike gedagte van dag en nag,

Gepaard met die verskrikking van die plek –

In so 'n kelder, houer uit die vroegste tyd

Van die gebeente deur soveel eeue heen

Van al my vroeg begraafde voorsate;

Waar die bebloede Tybalt, jonk in sy graf,

In sy doodskleed lê en verrot; waar, soos hul sê,

Op sekere ure van die nag daar geeste dwaal –

O wee, o wee, is dit nie waarskynlik nie dat ek,

So vroeg ontwaak, omring deur aaklig stank,
En skreeue van duiwelskruide uit die grond gepluk,
Wat mense, wat dit hoor, kranksinnig maak –
O, as ek wakker word, sal ek my sinne nie verloor,
Omring deur soveel angs en aakligheid,
Dat ek waansinnig met my vaders se gebeente speel,
En die verminkte Tybalt uit sy doodskleed pluk,
En in die drif, met een of ander bloedverwant se been,
My desperate brein soos met 'n knuppel kloof?
O kyk! Ek dink ek sien my neef se gees
Wat daar dié Romeo soek wat met sy swaard
Sy lyf deurboor het. Wag, Tybalt, wag!
Romeo, Romeo, Romeo, ek drink op jou.
Val binne die gordyne op haar bed neer.

TONEEL IV

'n Saal in Capulet se Woning

Lady Capulet en Oppasster op.

LADY C. Wag, neem my sleutels. Gaan haal nog speserye, Vrou.

OPPASSTER. Hul wag op dadels en kwepers in die kombuis.

Capulet op.

CAPULET. Toe, opskud, opskud, roer! Die tweede haan het al gekraai,

Die stadsklok het gelui, dis drie-uur al.

Hou die pasteitjies dop, Angelica,

En moet geen prys ontsien nie.

OPPASSTER. Toe, neusinsteker, vort,

Gaan slaap! Want môre is jy siek

Oor vannag se wakkerbly.

CAPULET. Nog nooit. Ek het tevore al bly waak,

Nágdeur, met minder rede, en niks oorgekom.

LADY C. Ja, jy was wel 'n nagwolf op jou dag;

Maar deesdae hou ek 'n oog op jou.

Lady Capulet en Oppasster af.

CAPULET. Ek sien jy's groen, ek sien jy's groen!

Drie of vier knegte op met spitte, stompe en mandjies.

En toe, ou kêrel,

Wat het jy daar?

KNEG 1. Iets vir die kok, meneer; ek weet nie wat.

CAPULET. Maak gou, maak gou. (*Eerste kneg af*) Gaan haal jy droër stompe, man.

Roep Peter, dat hy jou wys waar jy kan kry.

KNEG 2. My kop op 'n blok, meneer, ek sal hul kry

Ek hoef nie Peter daaroor te gaan pla.

CAPULET. So by die Mis, dis goed gesê; jy's vrolik, ha!

'n Houtkop uitgeknip. (*Tweede kneg met die ander af*) My lieue hemel, dit is dag.

Die Hertog met sy musikante is op pad,

Hy het gesê hy sal.

Musiek.

Ek hoor hom kom.

Oppasster! Vrou! Ek sê! Oppasster, kom!

Oppasster op.

Gaan wek jy Juliet, maak haar gereed.

Ek sal met Paris praat. Opskud, maak gou,

Maak gou! Die bruidegom is al hier;

Maak gou, sê ek.

Af.

TONEEL V

Juliet se slaapkamer

OPPASSTER. Juffrou! Toe, juffrou! Juliet! Sy slaap nog vas, sweer ek.

Toe, lammetjie! Jong dame! Toe, luie lak!

Kom, skatjie, kom. My dame; liefie! kom, bruid!

Geen woord nie? Slaap nou maar wat jy kan,

Slaap vir 'n week; vir môrenag, sweer ek,

Het hertog Paris reeds sy lans op dooierus

Dat jy nie sal kan rus. Ag, God vergeef!

Laat dit so sy, amen. Sy slaap so vas!

Ek moet haar wek. Juffrou, juffrou, juffrou!

Laat die Hertog net hier na jou bed toe kom,

Hý sal jou wakker maak. Maar hoor jy nie?

Trek gordyne oop.

Met al jou klere aan, weer in die bed?

Ek moet jou wek. My dame! Dame! Dame!

Helaas, helaas! Help, help! My juffrou's dood!

Ag, wee die dag van my geboorte tog!

Bring brandewyn! My heer! My dame! Kom!

Lady Capulet op.

LADY C. Wat raas jy so?

OPPASSTER. O diep bedroefde dag!

LADY C. Maar wat makeer?

OPPASSTER. Kyk, kyk! O sware dag!

LADY C. O nee, o nee! My kind, al lewe wat ek het!

Staan op, en kyk, want anders sterf ek saam.

Help, help! Soek hulp.

Capulet op.

CAPULET. Toe nou, bring Juliet: haar heer het opgedaag.

OPPASSTER. Sy's dood, oorlede; sy's dood, vervloek die dag!

LADY C. Vervloekte dag, sy's dood, sy's dood, sy's dood!

CAPULET. Wat? Laat ek haar sien. Helaas! Sy's koud,

Haar bloed gestol, haar ledemate styf;

Die lewe is lank al van dié lippe weg.

Die dood die lê op haar soos 'n ontydig ryp

Op die skoonste van die blomme in die veld.

OPPASSTER. O diep bedroefde dag!

LADY C. O hartseer tyd!

CAPULET. Die dood wat haar geneem het dat ek moet klaag,

Verlam my tong sodat ek niks kan sê.

Broer Lawrence, Hertog Paris en musikante op.

LAWRENCE. Kom, is die bruid gereed vir kerk toe gaan?

CAPULET. Gereed vir gaan, maar om nooit weer terug te keer.

O seun, die nag vlak voor jou huweliksdag

Het die Dood by jou vrou geslaap. Daar lê sy nou,

Blom wat sy was, haar blom deur hóm gepluk.

Dood is my skoonseun, Dood my erfgenaam;

My dogter het hy getrou. En ek sal sterf

En aan hom alles laat. Die lewe, alles, vir die Dood.

PARIS. Dat ek kon dink, my lief, om dié dag te aanskou

En dat dit dié gesig aan my moet bied!

LADY C. Vervloek en ongelukkig, aaklig, haatlik is die dag!

Bitterste uur wat tyd nog ooit aanskou het

Op die durende swoeë van sy pelgrimstog!

Net één, 'n arme enkel liewe kind,

Net een wat my kon bly maak en verheug,

Nou deur die Dood uit my gesig geruk.

OPPASSTER. O wee! O dag vol wee, vol wee, vol wee!

O droefste dag, o weëgste dag

Wat ooit, nog ooit ek moes aanskou!

O dag, o dag, o dag! O haatlik dag!

Nog nooit was daar 'n dag so swart soos dié.

O dag vol wee! O dag vol wee!

PARIS. Verkul, geskei, veronreg, doodgemaak, bespot!

O mees vervloekte Dood, verkul deur jou,
 Verpletter deur jou wrede, wrede self.
 O liefde! O lewe! – geen lewe, maar liefde in die dood!
 CAPULET. Verag, verfoei, gehaat, gefolter en gedood!
 O tyd wat onrus baar, o waarom kom jy nou
 Om op ons bruilof moord, ja moord, te pleeg?
 O kind, o kind! My siel, nie net my kind!
 Jy's dood – wee my, my kind is dood,
 Met haar word al my vreugde ook begraaf.
 LAWRENCE. Bedaar nou, wees beskaamd! Verwarring kan jul nie
 genees
 Met dié verwarring nie. Die hemel en ook u
 Het deel gehad in hierdie maagd – nou het die hemel als,
 En vir die meisie is dit beter so.
 Jul aandeel kon jul van die dood nie hou,
 Maar die hemel hou sy deel in ewigheid.
 Wat jul begeer het, was haar vordering,
 Jul hémel was dat sy moet verder gaan;
 Hoe ween jul dan, nou dat sy verder is,
 Hoog bo die wolke, in die hemel self?
 O in dié liefde is jul liefde boos
 Dat julle oor haar saligheid waansinnig raak.
 Wie lank getroud is, is nie goed getroud:
 Die jong getroude vrou wat sterf, is bés getroud.
 Droog nou jul trane af, lê roosmaryn
 Op hierdie skone lyk; en, soos gebruiklik is,
 Neem haar dan in haar mooiste klere na die kerk;
 Ofskoon ons van nature rou bedryf,
 Is die natuur se trane helend vir die gees.
 CAPULET. Wat ons as fees bedoel het, áls,
 Die keer nou in 'n swart begrafnis om –
 Ons instrumente van musiek 'n droewe klok,
 Ons bruilofsbydskap 'n begrafnismaal;
 Ons plegtige psalms word 'n dodesang;
 Ons ruikers word die kranse vir 'n lyk;
 Als word teenoorgesteld gemaak.
 LAWRENCE. Gaan binne, heer; en u, madame, met hom;
 U ook, heer Paris. En almal maak gereed
 Om hierdie skone lyk na die graf te vergesel.
 Die hemel frons oor u oor een of ander kwaad;
 Moet dit nie verder tart deur teen hom in te gaan.
*Almal af nadat hulle roosmaryn op haar neergelê het en die gordyne
 toegetrek het: net die Oppasster en die musikante bly agter.*

MUSIKANT 1. Nou moet ons maar ons fluite pak en gaan.

OPPASSTER. Ja, mense, ja, pak weg, pak weg!

Die pak wat ons moet dra, is bitter swaar.

Af.

MUSIKANT 1. Ja-nee, dis waar, dis 'n swaar pakaas!

Peter op.

PETER. Musikante, o musikante! „'n Ligte hart”, „'n Ligte hart”! As julle my aan die lewe wil hou, speel dan „'n Ligte hart”.

MUSIKANT 1. Wáárom „'n Ligte hart”?

PETER. O musikante, oor my hart al klaar so vol is. Speel vir my 'n vrolike doodsliedjie om my op te beur.

MUSIKANT 1. Nie doodsliedjies vir ons nie, dankie. Dis nie nou tyd vir speel nie.

PETER. Julle wil dus nie?

MUSIKANT 1. Nee.

PETER. Nou kyk, dan gaan julle dit van my kry!

MUSIKANT 1. Wat gaan jy vir ons gee?

PETER. Nie geld nie, so waar, net skeldtaal. Dan noem ek jou 'n minnesangertjie.

MUSIKANT 1. En ek noem jou 'n dienskneg, man.

PETER. Dan kry jy dié dienskneg se dolk oor jou harspan. Ek laat my nie vermaak nie. Ek sal vir jou *do-re-mi!* Hoor jy my?

MUSIKANT 1. Jy't óns gehoor, lyk dit my, met jou *do-re-mi!*

MUSIKANT 2. Bêre nou daardie dolk en wys jou vernuf. Voor ek jou met myne bykom!

PETER. Ek sal my ysterdolk terugsteek en julle wild en wakker met my woorde kwets. Antwoord my nou soos manne:

„As smartlik lyding die hart verwond

En dodesange my gees bedruk,

Dan kom musiek met 'n silwer mond – ”

Wáárom „silwer mond”? Waarom kom „musiek met silwer mond”? Wat sê jy, Luit-enant?

MUSIKANT 1. Ag, meneer, seker maar oor silwer so 'n mooi klank het.

PETER. Fraai! Wat sê jý, ou Snaar?

MUSIKANT 2. Ek sou sê „silwer mond” oor 'n musikant silwer vra elke slag as hy sy mond oopmaak.

PETER. Ook fraai! En jy, ou Klankkas?

MUSIKANT 3. Nee, ek weet regtig nie wat om te sê nie.

PETER. O ekskuus, jy's mos die sanger. Nou goed, dan sal ek maar vir jou voorsê. Dis „musiek met silwer mond” oor g'n musikant ooit so vroeg opstaan dat hy goud in die mond het nie.

„Dan kom musiek met silwer mond
En bring weer rus en stil geluk.”

Af.

MUSIKANT 1. Wat 'n laspos is dié vent tog.

MUSIKANT 2. Ag, vergeet van hom, man. Kom, ons gaan diékant
toe en wag vir die roubeklaers, dan bly ons sommer vir ete.

Almal af.

VYFDE BEDRYF

STONEEL I

'n Straat in Mantua

Romeo op.

ROME0. As ek die skigtige waarheid van my slaap durf glo,
Dan het my drome heuglik nuus voorspel.
My bors se baas sit liggies op sy troon
En heeldag hou 'n ongekende blydskap al
My bó die grond, vol opgewekte dink.
Ek het gedroom my dame kom en vind my dood
('n Vreemde droom wat 'n dooie nog laat dink!)
En adem sulke lewe met haar soene in my mond
Dat ek herstel en keiser word.
Ai tog! Hoe lieflik is die liefde self
As drome al so ryk aan vreugde is!

Romeo se kneg Balthasar op.

Nuus uit Verona! Nou toe nou, Balthasar?
Bring jy nie briewe van die monnik nie?
Het gaan dit met my dame? Is my pa gesond?
Met Juliet: gaan dit goed? Dit vra ek weer,
Want niks kan sleg wees nie as sý floreer.

KNEG. Dan gaan dit goed met haar, en sleg met niks.

Haar liggaam slaap in Capulet se graf,
En haar onsterflik siel is by die engele.
Ek het gesien hoe hul haar in die tombe lê
En dadelik opgesaal om jou dit te kom sê.
Vergeef my tog oor hierdie slegte nuus,
U self het dit as plig my opgedra.

ROME0. Is dit werklik waar? Dan daag ek selfs die sterre uit!

Jy ken my tuisplek. Bring my ink, papier,
Huur perde. Ek gaan vannag nog hiervandaan.

KNEG. Ek smeek u, wees geduldig, heer.

U lyk verwilderd en so bleek, en dit
Spel ongeluk.

ROME0. Toe nou, jy't jou misgis.

Gaan nou en doen wat ek jou opgedra het.
Het jy geen briewe van die monnik nie?

KNEG. Nee, my heer.

ROME0. Maak ook nie saak nie. Gaan nou heen

En huur die perde. Ek is aanstons by jou.

Balthasar af.

Ja, Juliet, ek slaap vannag by jou.

Maar hóé, moet ek prakseer. O onheil, wat so vlug

'n Desperate mens se gees deurdring!

'n Ou apteker kan ek nog onthou

Wat hierlangs woon; ek het gereeld gesien hoe hy

Vertoing, en met ruie wenkbroue,

Kom kruie soek. Hy't maer gelyk,

Tot op die been deur armoede geslyt;

In sy ou winkeltjie was daar 'n skilpaddop,

'n Opgestopte likkewaan, en velle ook

Van sleg verwronge visse; en op sy rak

'n Klompie leë kiste opgehoop,

Groen erdepotte, blase, en vermuftede saad,

Oorblyfsels tou en stukkies roosblaarkoek

Was yl versprei dat dit na iets moes lyk.

Toe ek sy armoed sien, het ek gedink:

„As mens ooit gif te koop moet soek

Wat jou in Mantua dadelik sal laat sterf,

Sal dié misrabel oubaas dit aan jou verkoop.”

Dié dink het aan my nood vooruitgeloop,

Nou moet dié arm man my daaraan help.

Dit moet sy huis wees, as ek reg onthou.

Maar dis vakansiedag, die bedelaar het gesluit.

Ek sê! Apteker!

Apteker op.

APTEKER. Wie roep so luid?

ROMEO. Kom hierheen, man. Jy's arm, kan ek sien.

Veertig dukate, hier. En gee my nou

'n Bietjie gif, een wat so vinnig werk

Dat dit deur al die are sal versprei

En die lewensmoeë drinker neer sal vel,

Sy laaste asem uit sy liggaam dryf,

So snel, geweldig, soos wat kruit ontplof

As dit uit 'n kanon se skoot ontbrand.

APTEKER. Dié dodelike middels het ek wel; maar die wet

Van Mantua straf alle géwers met die dood.

ROMEO. Kan jy so kaal en so misrabel wees

En nóg vrees om te sterf? Jou wange is hol,

Behoeftede en sorg staan sterwend in jou oë,

Verdrukking en ellende rem jou rug:

Die wêreld is jou vriend nie, nóg die wet;

Die wêreld ken geen wet wat jou sou kon verryk;
 Wees dus nie arm: oortree die wet, neem dit.
 APTEKER. My armoede stem in, maar nie my wil.
 ROMEO. En ek betaal jou armoed, nie jou wil.
 APTEKER. Gooi dit in enige vloeistof wat jy wil
 En drink daarvan: al is jy ook so sterk
 As twintig man, sal dit jou dadelik dood.
 ROMEO. Hier is jou goud – dis erger sielegif,
 Wat op die nare aarde erger moorde pleeg
 As dié armsalige mengsels wat jý nie mag verkoop.
 Dis ek wat aan jou gif verkoop: nie jy aan my.
 Vaarwel. Koop vir jou kos en kry weer vleis.
 Kom jy: nie gif nie, lewegewer, kom met my
 Na Juliet se graf: dáár moet jy my verbly.
Albei af.

TONHEEL II

Broer Lawrence se sel

Broer John en Broer Lawrence.

JOHN. Geseënde Fransiskaner, Broer!

Broer Lawrence op.

LAWRENCE. Dit klink mos na Broer John se stem.

Welkom uit Mantua. Wat sê Romeo?

Of, het hy dalk geskryf, gee my sy brief.

JOHN. Ek het 'n kaalvoetbroeder opgespoor,

Een van ons Orde, om my te vergesel;

Hier in die stad was hy op siekbesoek.

Maar toe't die amptenare van die stad,

Vermoedend dat ons tuis was in 'n huis

Waar pestilensie heers, ons voorgekeer,

Die deur verseël, en ons verhinder om te gaan:

So is my spoed na Mantua daar gestuit.

LAWRENCE. Wie't dan my brief na Romeo geneem?

JOHN. Ek kon dit toe nie stuur – hier is dit weer –

Daar was geen boodskapdraer om dit trug te bring,

So bang was almal vir die pes se gif.

LAWRENCE. Ag, ongeluk! By die Broederskap sweer ek,

Die brief was nie gering, maar vol gewig

En groot belang; om daarmee te versuim

Kan nog gevaarlik wees. Broer John, gaan gou,

Gaan soek 'n ysterkoevoet, bring dit hier
Trug na my sel.

JOHN. Ek gaan, my broer, om dit te haal.

Af.

LAWRENCE. Ek moet alleng na die tombe nou.

Oor drie uur moet die skone Juliet ontwaak.

Sy sal my erg verwyd dat Romeo

Van alles wat gebeur het, niks nie wis;

Maar ek stuur weer berig na Mantua

En sal haar by my hou tot Romeo kom –

Arm lyk wat lewe in 'n dooie man se graf!

Af.

TONEEL III

'n Kerkhof met 'n graftombe wat aan die Capulets behoort

Paris saam met sy lakei op, met blomme en wywater.

PARIS. Gee my jou fakkelt, seun. Gaan weg en staan opsy.

Maar doof dit uit, dat niemand my kan sien.

Strek jou by daardie taksusbome uit,

En hou jou oor vas teen die holte van die grond.

Só sal geen voet die kerkhofgrond betree

(Wat los, onvas van baie grafte is)

Sonder dat jy dit hoor. Fluit dan vir my,

As teken dat jy iets hoor nader kom.

Gee my die blomme. Dcen soos ek sê, en gaan.

LAKEI (*Tersy*). Ek vrees dit byna om alleen te wees

Hier in die kerkhof; tog sal ek dit waag.

Gaan eenkant.

PARIS. Soet blom, met blomme dek ek jou bruilofsbed

(O wee! jou rusplek is van stof en klip)

Wat ek met geurig water snags sal kom bedou;

So nie, met trane afgeskei deur sug.

Die rou wat ek vir jou bedryf, sal wees

Om snags jou graf te kom besprinkel en te ween.

Lakei fluit.

Die seun beduie dat iets nader kom.

Watter vervloekte voet die kom vannag hierheen

Om my rou en ritus van die liefde te versteur?

Met 'n fakkelt daarby? Verberg my tyd'lik, nag.

Beweeg opsy.

Romeo en Balthasar op, met 'n fakkelt, 'n pik en 'n koevoet.

ROMEO. Gee my die pik en daardie koevoet aan.

Hier, neem die brief. Sorg dat jy môre vroeg
Dit aan my heer en vader gaan besorg.
Gee my die lig. By jou eie lewe beveel ek jou:
Wát jy ook hoor of sien, hou jou opsy,
Moet my nie onderbreek met wat ek doen.
Die rede waarom ek dié dodebed besoek,
Is deels om weer na haar gesig te kyk,
Maar bowenal om van haar dooie vinger weg te neem
'n Kosbaar ring – 'n ring wat ek moet hê
Vir 'n taak van groot belang. Gaan dus nou weg.
Maar as jy dalk nuuskierig trug sou kom
Om af te loer wat ek nog verder doen,
Dan, by die hemel, sal ek jou verskeur
En hierdie honger kerkhof met jou lede bestrooi.
Die tyd en my bedoelings is verwoed en wild,
Dis kwaaiër en nog veel onkeerbaarder
As honger tiers of selfs die donderende see.

BALTHASAR. Ek sal vertrek, my heer, en u nie pla.

ROMEO. Dis 'n vriendskapsdaad van jou. Neem dit.

Bly lewe, en floreer; vaarwel, ou kêrel.

BALTHASAR (*Tersy*). Ek gaan my nogtans hier verskuil.

Ek vrees sy blik, is agterdogtig oor sy doel.

Gaan opsy.

ROMEO. Veragtelike buik, skoot van die dood,

Gestop met die aarde se kostelikste brok,

Só dwing ek jou verrotte kake oop,

Om jou, met leedvermaak, met nóg meer vol te stop.

Maak die tombe oop.

PARIS. Dís die verbanne trotse Montague

Wat die neef van my geliefde mos vermoor het --

Die rede waarom sy glo self moes sterf --

En hier is hy om skande te bedryf

Met dooie lyke. Ek sal hom keer.

Staak jou onheilige arbeid, bese Montague!

Kan wraak verbý die dood gevoer word dan?

Vervloekte skurk, ek keer jou aan.

Gehoorsaam en kom saam, want jy moet sterf.

ROMEO. Ek weet ek moet: en daarom is ek hier.

Toe, liewe jongeling, tart nie 'n desperate man.

Gaan weg en laat my staan. Dink aan dié dooies hier:

Laat hul jou skrik aanja. Ek smeek jou, jongeling,

Dwing nie 'n nuwe sonde op my hoof
Deur my tot drif te dryf! Gaan weg, sê ek!
Ek sweer, ek het jou liever as myself
Want hier't ek opgedaag gewapen teen myself.
Moenie versuim, gaan weg. Bly leef, en sê hierná
'n Malman het jou genadig weg laat gaan.

PARIS. Ek rig my op teen alles wat jy sweer
En arresteer jou hier as 'n misdadiger.

ROMEO. Wil jy my tart? Nou vát dan so!
Hulle veg.

LAKEI. Ag hemel, hulle veg! Ek gaan die wagte roep.
Af. Paris val neer.

PARIS. Ek is gedood! As jy genadig is,
Maak oop die graf, lê my by Juliet.
Sterf.

ROMEO. Dit sal ek doen. Laat my nou die gesig beskou.
Verwant van Mercutio, die edel hertog Paris!
Wat het my kneg gesê toe my verwarde siel
Nie aandag aan hom gee op reis? Ek dink
Hy het vertel dat Paris Juliet sou trou.
Het hy dit gesê of nie? Of droom ek dit?
Of is ek gek dat ek, oor hy van Juliet praat,
So iets kon dink? Gee my jou hand, wat saam
Met my in die lot se ongeluksboek geskrywe staan.
Ek sal jou in 'n seegraaf begraaf.
'n Graf? Nee, 'n lantern, gestorwe jongeling,
Want hier lê Juliet, en haar skoonheid maak
Dié tombe 'n feestelike saal vol lig.
Dood, lê jy daar, begrawe deur 'n dooie man.
Lê hom in die graf neer.

Hoe dikwels het die mens al feesgevier
Vlak voor die dood! Wat tronkbewaarders noem
'n Opheldering voor die dood. O hoe kan ek
Dít helder noem? O my beminde, o my vrou!
Die dood het die heuning van jou asem opgesuig,
Maar had geen mag nog oor jou skoonheid nie.
Jy's onoorwonne. Die skoonheid se banier
Is bloedrooi op jou wange en jou mond,
Die bleek vlag van die dood die is nog nie gehys.
Tybalt, lê jy daar in jou bloedbevlekte kleed?
O watter groter guns kan ek jou doen
As met die hande wat jou jeug moes kloof
Ook dié te dood van hom wat vyand van jou was?

Vergewe my, my neef. Ag, liewe Juliet,
 Waarom is jy nog steeds so mooi? Moet ek dan glo
 Dat skimmige Dood die liefde ook kan ken,
 En dat die maer verfoeide monster jou
 Hier in die donker as sy minnares aanhou?
 Uit vrees dáárvoor sal ek nou by jou bly
 En nooit weer van die dowwe nag se bed
 Vertrek. Hier sal ek bly, net hier,
 Met wurms wat jou lyfbediendes is. O hier
 Sal ek my rus wat ewig duur ingaan
 En die juk van sterre wat onheil spel, afskud
 Van hierdie wêreldmoeë vlees. O oë, kyk vir laas!
 Arms, omhels vir laas! En julle, lippe, o
 Deure van die asem, verseël met 'n regmatige kus
 'n Tydelose prys van die als-inpalmende dood!
 Kom, bitter leidsman; kom, onsmaklike gids!
 O desperate stuurman, loods nou dadelik
 Jou seesiek, moeë boot te pletter teen die rots!
 Op my beminde! (*Drink*) O betroubare apteker!
 Jou drank is snel. So sterf ek met 'n kus.
Val neer.

Broer Lawrence met lantern, koevoet en graaf op.

LAWRENCE. Sint Fransiskus, help my nou! Hoe telkens het vannag

Dié twee ou voete al oor grafte gestruikel! Wie's daar?

BALTHASAR. Ek is 'n vriend, hier, en ek ken u goed.

LAWRENCE. Wees geseënd! Sê my nou, goeie vriend,

Wat is die fakkeldaar wat so vergeefs

Lig maak vir wurms en skedels sonder oog? Lyk my

Dit brand daar in die tombe van die Capulets.

BALTHASAR. Dis so, eerwaarde heer; my meester die is daar,

Een wat u liefhet.

LAWRENCE. Wie is dit?

BALTHASAR. Romeo.

LAWRENCE. Hoe lank is hy al daar?

BALTHASAR. 'n Goeie halfuur lank.

LAWRENCE. Kom saam met my daarheen.

BALTHASAR. Ek mag nie, heer.

My meester dink ek het al weggegaan,

Hy het my skriklik met die dood gedreig

As ek durf agterbly en hom bespied.

LAWRENCE. Bly dan: ek gaan alleen. Vrees pak my beet.

'n Grote vrees oor iets wat onheil spel.

BALTHASAR. Terwyl ek onder die taksusboom daar slaap,

Het ek gedroom my meester en 'n ander veg
En dat my meester hom verslaan.

LAWRENCE. Romeo!

Helaas, helaas, en watter bloed vlek hier
Die swaar klipdrumpel van die graftombe?
Wat dui die weggegooide swaarde vol van bloed
Wat hier bevlek lê op die vredesplek?

Gaan die tombe binne.

Romeo! So bleek! Wie nog? Wat, Paris ook?
Gehul in bloed? O watter onnatuurlik uur
Is skuldig aan dié klaaglike gebeurtenis?
Die meisie roer.

Juliet kom orent.

JULIET. O troostende monnik! Waar is my heer?
Ek weet nog goed waar ek behoort te wees
En hier is ek. Waar is my Romeo?

LAWRENCE. Ek hoor geraas. O dame, kom uit dié nes
Van dood, besmetting en onnatuurlike slaap.
'n Groter mag as wat deur ons betwis kan word
Het ons gefnuik. Kom nou, kom weg van hier.
Jou hart se eggenoot lê dood;
En Paris ook. Kom saam, ek sal jou neem
Na 'n klooster waar heilige nonne woon.
Moenie nog talm en uitvra nie, die wag is aan die kom.
Kom, gaan, my liewe Juliet. Ek durf nie langer bly.

JULIET. Gaan u dan maar: ék sal nie gaan.

Broer Lawrence af.

Wat is dit hier? 'n Beker in my lief se hand?
Gif dan, sien ek, het hom ontydig doorgemaak.
O skurk! Als uitgedrink, geen vriendelike druppel oor
Om my ná jou te help? Ek sal jou lippe soen.
Miskien kleef daar nog iets van gif aan hul
Dat ek van dié genesing sterf.

Soen hom.

Jou mond is warm!

HOOFWAG (*Af*). Loop voor, seun. Waarheen?

JULIET. Geraas? Dan sal ek kort moet gaan. O die geluk, 'n dolk.

Gryp Romeo se dolk.

Hier is jou skede: kom hier tot rus, en laat my sterf.
Steek haarself dood en val neer.

Paris se lakei en wagte op.

LAKEI. Dit is die plek. Daar waar die fakkel brand.

HOOFWAG. Die grond is hier bebloed. Deursoek die kerkhof.

Gaan nou, party van jul. Arresteer wie jul ook kry.
Sommige wagte af.

Droewige gesig! Hier lê die Hertog neergevel;
En Juliet bloeiend, warm, pas maar dood,
Wat nou al twee dae hier begrawe lê.
Gaan sê die Prins; gaan na die Capulets;
En wek die Montagues; jul ander, soek.

Ander wagte af.

Ons sien die grond waarop dié droefheid rus,
Maar die wáre grond van al die droefenis
Kan ons nie sonder meer gegewens weet.

'n Paar wagte met Balthasar op.

WAG 2. Hier's Romeo se kneg. Ons het hom hier in die kerkhof
gekry.

HOOFWAG. Hou hom veilig totdat die Prins opdaag.

Broer Lawrence met 'n ander wag op.

WAG 3. Hier is 'n monnik wat beef en sug en huil.

Ons het sy koevoet en sy graaf gekonfiskeer
Toe ons hom kry op pad van die kerkhof af.

HOOFWAG. Dis erg verdag! Hou dus die monnik ook.

Prins en sy gevolg op.

PRINS. En watter ongeluk die kom so vroeg

Dat dit ons uit 'n môreslaap moet wek?

Capulet, sy vrou en ander op.

CAPULET. Wat kan dit wees wat so op straat geskreeu word?

LADY C. Die mense in die straat roep „Romeo”,

En ander „Juliet” of „Paris”; en hul haas

Hul almal met rumoer hier na ons tombe toe.

PRINS. Wat is die vrees wat in jul ore skrik?

HOOFWAG. U Hoogheid, hier lê Hertog Paris neergevel;

En Romeo dood; en Juliet, wat al gestorwe was,

Nog warm en pas gedood.

PRINS. Gaan soek, vind uit hoe hierdie bose moord gepleeg is.

HOOFWAG. Hier is 'n monnik, en dooie Romeo se kneg,

Met instrumente by hul waarmee hul

Dié dooies se grafte kon verbreek.

CAPULET. O hemele! Kyk, vrou, hoedat ons dogter bloei!

Dié dolk het hom misgis, want kyk, sy skede

Is leeg hier op die rug van Montague,

Hy huis nou onvanpas hier in my kind se bors!

LADY C. Ai, die gesig van hierdie dood is soos 'n klok

Wat my ou jare aanroep na die graf.

Montague en andere op.

Is per abuis gekeer, en gisternag
 Het hy my brief weer truggebring. Toe't ek alleen,
 Op die bestemde uur waarop sy moes ontwaak,
 Gekom om haar uit die familiegraf te haal;
 Met die bedoeling om haar in my sel te hou
 Tot ek gerieflik nuus aan Romeo kon stuur.
 Maar toe ek opdaag, 'n minuut te vroeg,
 Vóórdat sy wakker word, toe lê ontydig hier
 Die edel Paris en die troue Romeo, dood.
 Sy't opgestaan; en ek het haar gesmeek:
 Kom uit, dra hierdie hemelswerking met geduld;
 Toe't 'n geraas my uit die graf verdryf,
 En sy, wanhopig, het geweier om te volg,
 Maar eerder, lyk dit nou, haarself geweld gedoen.
 Dit als weet ek; en met haar huwelik
 Was ook haar Oppasster vertrou; as enigiets
 Deur my toedoen verkeerd geloop het, laat dan tog
 My ou lewe 'n uur te vroeg geoffer word
 Volgens die eise van die strengste wet.

PRINS. Ons het u altyd as 'n heilige geken.
 Waar's Romeo se kneg? Wat het hy te sê?

BALTHASAR. Ek het my heer gaan sê van Juliet se dood;
 Toe't hy terstond van Mantua gekom
 Na hierdie plek, na hierdie selfde graf.
 Dié brief het hy my vir sy vader opgedra;
 Toe hy die graf ingaan, my met die dood gedreig
 As ek nie weggaan en hom daar laat staan.

PRINS. Gee my die brief. Ek sal dit lees.
 Waar is die jong lakei wat die Wag gaan roep het?
 Toe knaap, wat het jou baas op hierdie plek kom doen?

LAKEI. Hy't blomme gebring om oor haar graf te strooi;
 Ek moes opsy gaan – dit het ek gedoen.
 Toe kom daar iemand met 'n lig die graf oopmaak;
 En weldra trek my heer sy swaard op hom;
 Met dié het ek gevlug en die Wag gaan haal.

PRINS. Dié brief bevestig wat die monnik sê,
 Hul liefde, en die tyding van haar dood;
 En hier skryf hy hy het ook gif gekoop
 Van 'n arm apteker en daarmee truggekom
 Na hierdie graf om langs sy Juliet te sterf.
 Waar is die vyande? Capulet, Montague,
 Aanskou die gésel van die Heer op julle haat:
 Deur liefde wil die hemel julle vreugde dood.

Ook ek, wat julle twis veroorloof het,
Het twee verwante kwytgeraak. Ons almal is gestraf.
CAPULET. Broer Montague, gee my jou hand.
My kind het met haar troue dit gereël,
En méér kan ek nie vra.

MONTAGUE. Maar meer kan ek jou géé:
Ek sal haar standbeeld laat verrys in goud;
Solank as wat Verona dié naam dra,
Word niemand anders ooit só hoog geag
As dié getroue, opregte Juliet.

CAPULET. En ewe ryk sal Romeo s'n langs sy dame rus –
Die skamel offerandes van ons vyandskap!

PRINS. 'n Somber vrede bring dié môre mee.
Uit droefheid hou die son sy hoof verskuil.
Gaan heen, bespreek dié droef gebeurtenis:
Party sal begenadig word, ander gestraf:
Nog nooit was daar 'n storie so vol rou
As dié van Juliet en haar Romeo.
Almal af.

FINIS